3. PLAASLIKE BEHEER EN OUERSEGGENSKAP OOR BLANKE-ONDERWYS IN DIE PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP 1652 TOT 1985

3.1 ORIëNTERING

In hoofstuk twee is onder meer gewys op die belangrikheid van die ouer se betrokkenheid by die opvoeding en onderwys van hulle kinders. Om die huidige praktyk van ouerbetrokkenheid by die opvoeding en onderwys te evalueer, is dit nodig om te kyk in watter mate ouers seggenskap in die opvoedende onderwys van hulle kinders in die verlede gehad het en hoe ouerseggenskap oor die jare heen ontwikkel het.

In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van die ontwikkeling van plaaslike beheer oor Blanke-onderwys in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop (Kaapland) vir die tydperk 1652 tot 1985, met besondere verwysing na die rol wat die ouer in die ontwikkeling van onderwysbeheer op plaaslike vlak gespeel het. Plaaslike beheer tydens die onderhawige tydperk word in die volgende vier korter tydperke beskryf:

1652 - 1795 Die bewind van die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie;

1795 - 1806 Die eerste Britse besetting en die Bataafse bewind aan die Kaap die Goeie Hoop;

1807 - 1905 Die tweede Britse besetting tot en met die eerste Skoolraadwet van 1905; en

1905 - 1985 Die eerste Skoolraadwet van 1905 tot en met 1985.

Daar word voorts gekyk na die staat en die kerk se invloed op die ontwikkeling van ouerseggenskap in die stelsel van onderwysvoorsiening aan Blankes in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop. Op plaaslike vlak kan die aandeel van die gesin, staat en kerk in onderwysbeheer hoogstens onderskei, maar nie geskei word nie (Steyn, 1980 : 20). Die probleemstelling lê daarin om te bepaal in hoeverre die staat deur

wetgewing die ouer toegelaat het om betrokke te raak by die beheer oor Blanke-onderwys op plaaslike vlak en in watter mate die ouer van die geleentheid gebruik gemaak het.

Om die vestiging en verdere ontwikkeling van plaaslike beheer oor Blanke-onderwys in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop te verstaan, word daar eers aangetoon in watter mate die ouerhuis, kerk en staat in Nederland betrokke was by die skool in die tydperk net voor die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap.

3.2 DIE BETROKKENHEID VAN STAAT, KERK EN OUERHUIS BY DIE SKOOL IN NEDERLAND ONMIDDELLIK VOOR DIE KOMS VAN JAN VAN RIEBEECK NA DIE KAAP.

3.2.1 Inleiding

In 1648 is die Tagtigjarige Godsdiensoorlog tussen Nederland en Spanje beëindig. Nederland het na die oorlog nie net staatkundige vryheid gekry nie, maar ook godsdiensvryheid. Die Protestantse kerk kon derhalwe sy regmatige plek in die Nederlandse samelewing en regering ingeneem het (Barnard en Coetsee, 1976 : 2). Dit is dan te verstane dat die ideale van die Hervorming, soos uitgeleef deur die Protestante in Nederland, die kern van die opvoedende onderwysbeheer in Nederland sou vorm (Steyn, 1980 : 17; Venter, 1929 : 2; Pistorius, 1975 : 266). Daar was 'n besondere verhouding tussen staat, kerk, ouerhuis en skool in Nederland.

3.2.2 'n Gereformeerde staatskool in Nederland

Die owerheid in Nederland het hom veral op die volgende drie wyses met die skool bemoei:

* *Die owerheid het onderwysers bevoeg verklaar om skool te hou. Niemand kon dus skool gehou het sonder toestemming van die owerheid nie. Die owerheid het ook die inhoud van die onderwys bepaal;*

* *Alhoewel die ouers self die koste van die onderwys gedra het, het die owerheid tog soms aan byvoorbeeld die onderwysers 'n subsidie uit die staatskas betaal; en*
* *Die owerheid het deur middel van 'viesietatore' of 'scholarchen' (skolarge) toesig gehou oor al die skole (Venter, 1929 : 2; Greyling, 1946 : 27).*

Die skolarge was 'n plaaslike onderwysbeheerliggaam wat deur die staat aangestel is om namens hulle beheer oor die onderwys uit te oefen. Die lede van die skolarge moes in staat wees om die inhoud en aard van die onderwys te kon beoordeel. Take wat aan hulle opgedra is, het gewissel van skole besoek, halfjaarlikse eksamens af te neem en prysuitdelingsfunksies by te woon (Steyn, 1980 : 18).

Die skool was in dié tyd 'n Gereformeerde staatskool. Volgens Coetzee (1963 : 300) het die owerheid skole opgerig en in stand gehou, terwyl die Gereformeerde kerk toesig moes hou daaroor en moes toesien dat die skoolonderwys Christelik gefundeer sou wees. Die staat het dus die belang van die kerk by die onderwys erken (Venter, 1929 : 3).

3.2.3 Die Gereformeerde kerk en die onderwys

Die Dordtse Sinode (1618 - 1619) het bepaalde besluite ten opsigte van die onderwys in Nederland in 'n formulier opgeneem en aan die regering van Nederland voorgelê vir goedkeuring. Die formulier is deur die stategeneraal, die regering in Nederland, goedgekeur. Daarna is die onderwysbeheer in Nederland ooreenkomstig die bepalings van die formulier gereël (Ehlers, 1936 : 5), soos ook blyk uit artikel 21 van die Dordtse leerreëls (soos aangehaal deur Venter 1929 : 3):

"De Kercken-Raden sullen allomme toesien datter goede Schollmeesters zijn, die niet alleen de kinderen leeren

lesen, schrijven, spraken ende vrije consten, maar oock deselve in der Godsaligheijt ende in den Catechismo onderwijzen".

Die taak van die Gereformeerde kerk in Nederland met betrekking tot opvoeding en onderwys het onder meer die volgende behels:

* *Die kerk moes die behoefte aan 'n skool in 'n bepaalde gebied vasstel en dan meewerk tot die stigting daarvan;*
* *Die kerk moes deur sy kerkraad - waarop ouers verteenwoordig was - 'n sê gehad het in die aanstelling van onderwysers. Onderwysers moes voor hulle aanstelling finaal gekeur word op grond van hulle geloofbelydenis;*
* *Die kerkraad moes toesien dat onderwysers gereeld hulle salarisse ontvang. Die salarisse is oorwegend deur die ouers betaal;*
* *Die predikant en 'n ouderling, 'n moontlike ouer, moes - as lede van die skolarge - die skole inspekteer en terselfdertyd toesig hou oor die leer en belydenis van die onderwyser;*
* *Die inhoud van die godsdiensonderrig moes deur die kerk bepaal word (Cilliers, 1960 : 3-4; Van der Schyf, 1969 : 31);*
* *Dit was die plig van die kerk om by die owerheid daarop aan te dring dat skole gestig en onderhou word;*
* *Die bepaling van doelstellings vir die primêre skool op grond van godsdienstige en maatskaplike oorweginge; en*
* *Die volle toesig oor die godsdienstige karakter van die onderwys (Van der Schyf, 1969 : 31).*

Die verhouding tussen die staat en die kerk het gevolglik op die volgende neergekom:

> *"De belangen nu van de kerk en den Staat werden zóó vereenigd, dat de kerk de autoriteit van de Overheid erkende, ook om te bevelen op het gebied der school, de Overheid daarentegen de kerk erkende, zoowel om te bepalen, wat op het stuk der relegie in de school*

> *moest worden geleerd, als om het ondersoek in te stellen naar de bekwaamheid en de rechtzinnigheid der aan te stellen onderwijzers" (Aangehaal deur Du Toit, 1937 : 2-3).*

Skole is deur die staat opgerig en in stand gehou, maar onder die toesig van die Gereformeerde kerk moes die skoolonderwys Christelik wees en bly (Coetzee, 1963 : 300).

Die vraag ontstaan nou: Waar pas die ouer in?

3.2.4 Die ouer se taak met betrekking tot skoolonderwys

Die ouer het indertyd nie direkte seggenskap in die oprigting, instandhouding en beheer van skole en in die bepaling van die gees en rigting van die onderwys gehad nie.

Die ouers se seggenskap en verantwoordelikheid het in soverre as hulle kerkraadlidmaat- en verbondouerskap gestrek.

3.2.4.1 Die ouer as lid van die kerkraad

As moontlike lid van die kerkraad het die ouer die volgende verantwoordelikhede gehad:

* *Die ouer kon onderwysers voor hulle finale aanstelling keur ten opsigte van hulle geloofsbelydenis;*
* *Die ouer moes toesien dat die onderwysers gereeld hulle salarisse ontvang; en*
* *Die ouer kon saam met die predikant die skole inspekteer en terselfdertyd toesig hou oor die leer en belydenis van die onderwyser.*

3.2.4.2 Die ouer as verbondsouer

Die Dordtse Sinode van 1618 tot 1619 het die godsdiensleerinhoude op skool bepaal. Ouers was ook hier betrokke en was verantwoordelik:

* *Om kinders gewoond te maak aan huisgodsdiens;*
* *Om die Heilige Skrif vir kinders te lees en die kinders die vernaamste tekste uit die hoof te leer; en*

* *Om die kinders kerk toe te neem en om die prediking by die huis te herhaal (Venter, 1929 : 5).*

Omdat kerk en staat Gereformeerd was, was die ouers tevrede met die stand van sake op onderwysgebied (Van der Schyf, 1969 : 31). Die kerk het na sy lidmate se belange omgesien (Venter, 1929 : 2).

3.2.5 *Evaluering*

Dit blyk dat toe Jan van Riebeeck in 1652 na die Kaap die Goeie Hoop gekom het, die staat, ouer en kerk in Nederland baie nou saamgewerk het met betrekking tot onderwysvoorsiening en -beheer. Die ouer het egter 'n ondergeskikte rol gespeel. Die ouer kon egter tog in die raamwerk van sy lidmaatskap tot die kerk seggenskap verkry. Jan van Riebeeck het dan ook hierdie stelsel met hom saamgeneem uit Nederland.

3.3 *DIE BETROKKENHEID VAN DIE STAAT, KERK EN OUERHUIS BY DIE SKOOL TYDENS DIE BEWIND VAN DIE NEDERLANDSE OOS-INDIESE KOMPANJIE: 1652 TOT 1795*

3.3.1 *Inleiding*

Jan van Riebeeck en sy geselskap het op 6 April 1652 by Tafelbaai voet aan wal gesit om 'n verversingspos te stig. Hierdeur kon aan die verbygaande vlote van die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) die nodige voorrade voorsien word. Jan van Riebeeck het die Nederlandse leefwyse en instellinge, waaronder die teorie en praktyk van die onderwysbeheer, met hom saamgebring (Van der Schyf, 1962 : 32). Die onderwysbeheer was gekenmerk deur die noue samewerking tussen staat, kerk en skool (Swart et al., 1980 : 107).

In die geselskap van Jan van Riebeeck was daar ook vroue en kinders (Böeseken, 1975 : 22). Gevolglik was daar dadelik ook sprake van onderwys. Wat die beheer oor die onderwys

betref het die kerk - net soos in Nederland - die leiding geneem (vgl. par. 3.2.2). Dit was vir die kerk belangrik dat sy Prostestantsgelowige lidmate se kinders belydenis van geloof moes aflê. Hiervoor was minstens 'n elementêre skoolonderwys noodsaaklik.

Dit is juis in dié tydperk (1652 tot 1795) dat die grondslag vir onderwys en onderwysbeheer in Suid-Afrika in die algemeen en Kaapland in die besonder gelê is. Gebruike wat die onderwysbeheer vir Blankes in Suid-Afrika dwarsdeur die geskiedenis sou kenmerk, is toe gevestig (Steyn, 1980 : 16).

Dit is nodig om eers te kyk in watter mate plaaslike onderwysbeheer in Kaapland deur die staat ontwikkel is. Daaruit kan bepaal word of die ouer betrek is en of die geleentheid geskep is om deel te neem aan onderwysbeheer.

3.3.2 Die staat se aandeel in die ontwikkeling van plaaslike onderwysbeheer

3.3.2.1 Staatsbeheer oor die onderwys in die tydperk 1652 tot 1795

Die Politieke Raad het Ernestus Bach, 'n sieketrooster, as eerste onderwyser van die eerste Blanke skool - wat in 1663 gestig is - aangestel. As 'salarium' het Bach van die ouers, wat van sy dienste gebruik gemaak het, maandeliks skoolgeld gevorder. Die skoolgeld is deur die regering bepaal (Du Toit, 1976 : 1; Pistorius, 1975 : 267; Böeseken, 1972 : 24).

Daar was egter geen besondere liggaam verantwoordelik vir onderwysbeheer nie, veral nie ten opsigte van die baie privaatskole en -onderwysers nie. Ook was daar geen algemeen geldende onderwyswet nie (Du Toit, 1976 : 8; Coetzee, 1975 : 10).

In Maart 1714 het goewerneur M.P. de Chavonnes die amp as goewerneur aan die Kaap aanvaar en die nodige verandering in onderwysbeheer teweeggebring deur middel van die "Ordonnansie van die school ordenning" (Aangehaal deur Du Toit, 1976 : 6). Vergelyk ook in die verband Coetzee (1975 : 10) en Lugtenburg (1925 : 11).

Volgens Steyn (1980 : 20) het die ordonnansie, benewens die bepaling oor onder andere die doelstellings van onderwys en onderwyserskeuring, ook sekere bepalings met betrekking tot die beheer oor onderwys ingesluit. In die ordonnansie is voorsiening gemaak vir die instelling van 'n Raad van 'Scholarchen'. Die raad moes toesien dat die ordonnansie by die skole toegepas word. Die Raad van Skolarge in die Kaap was 'n sentrale beheerliggaam wat deur die goewerneur en die politieke raad aan die Kaap aangestel is om die onderwys te beheer. Die Raad van Skolarge het onder direkte beheer van die regering (dit wil sê die goewerneur en die politieke raad) gestaan. Dit het bestaan uit:

* *die sekundus (die tweede in bevel na die goewerneur);*
* *die kaptein van die garnisoen; en*
* *die predikant (Pistorius, 1975 : 274; Böeseken 1972 : 100; Du Toit, 1937 : 88-89).*

Die ordonnansie van De Chavonnes het verder bepaal dat as iemand wou skoolhou, die goewerneur en politieke raad die persoon se leer en lewe moes ondersoek. Die goewerneur en die politieke raad het ook van die dienste van die kerk, veral die kerkraad, gebruik gemaak om onderwysers te toets vir huile bekwaamheid en regsinningheid (Venter, 1929 : 6-7). Die ouer het dus as moontlike lid van die kerkraad inspraak gehad by die keuring van onderwysers.

Dit is eers na die nuwe skoolreglement van 1782 dat die Raad van Skolarge in 'n groter mate tot sy reg gekom het. Na 1782 het die Raad van Skolarge 'n aktiewe rol gespeel in die keuring van onderwysers en die eksaminering van leerlinge (Ehlers, 1936 : 182-186; Barnard en Coetsee, 1976 : 13).

Die staat het voorts van sy amptenare van geringe rang beskikbaar gestel om onderwys op plase te gee. Dit was veral op die afgeleë plase waar die kinders van die yl verspreide veeboere in die binneland 'n groot tekort aan onderwysers gehad het. So 'n amptenaar is dan op 'n kontrakbasis deur die boer in diens geneem. Die amptenaar is gedeeltelik deur die boer en gedeeltelik deur die staat besoldig. Die ouer kon ook as lid van die kerkraad toesig hou oor en inspeksie doen in skole (Steyn, 1980 : 22; Du Toit, 1937 : 69-70; Cilliers, 1960 : 9-10).

3.3.2.2 ***Evaluering***

Alhoewel die staat onderwysbeheer deur wetgewing vasgelê het, amptenare vir onderrig beskikbaar gestel het en salarisse betaal het, was die Raad van Skolarge se invloed in die praktyk slegs beperk tot Kaapstad. In die buitedistrikte het die kerkraad algemene toesig gehou en beheer uitgeoefen oor die onderrig wat sieketroosters verskaf het (Van der Merwe, 1952 : 7). Die ouerhuis was dus indirek betrek by die beheer oor die plattelandse onderwys.

Omdat die ouer deur middel van die kerkraad beperkte seggenskap oor onderwysbeheer gehad het, is dit nodig om ook te kyk na die kerk se aandeel in onderwysbeheer.

3.3.3 Die kerk se aandeel in plaaslike onderwysbeheer

3.3.3.1 Die kerk en plaaslike onderwysvoorsiening en -beheer: 1652 tot 1795

Alhoewel die beheer oor die onderwys aan die Kaap gedurende die Nederlandse bewind primêr by die staat berus het, het die inisiatief vir die stigting van skole aanvanklik van die Gereformeerde kerk uitgegaan (Hattingh, 1978 : 36).

Die kerk het drie take gehad in sy opvatting ten opsigte van opvoedende onderwys.

* Dit was die plig van die kerk om by die owerheid daarop aan te dring dat skole gestig en onderhou word waar daar 'n behoefte vir skoolonderwys was.
* Die kerk moes sorg dat die onderrig in die primêre skool godsdienstig en maatskaplik gerig word.
* Die kerk moes volle toesig hou oor die godsdienstige karakter van die onderwys (Van der Schyf, 1969 : 31).

Die plaaslike beheer en kontrole oor die staatskole was in die hande van die kerkrade (Van der Schyf, 1969 : 32). Die kerkrade het weer die ouers verteenwoordig omdat daar onder andere ouers gekies is om op die kerkraad te dien. Kerkrade het opgetree as verteenwoordigers van die skolarge omdat daar nie skolarge vir die buitedistrikte aangestel is nie. Die kerkrade kon sodoende beter kontak met die mense in die buitedistrikte bewerkstellig (Steyn, 1980 : 25, Du Toit, 1937 : 298).

Daar moet aanvaar word dat kerkrade en ouers eie inisiatief gebruik het by die oprigting van skole. Die kerkrade het onderwysers gekeur, skole besoek, skole gesluit en die ontslag van onderwysers by die goewerneur aanbeveel. Die kerk was egter grotendeels onder staatsbeheer en die predikante is deur die regering aangestel en besoldig (Hattingh, 1978 : 37; Venter, 1929 : 9).

Die kerk se toesig oor die skool het die volgende ingesluit:

* *Die kerk moes ondersoek instel na die bekwaamheid en regsinnigheid van onderwysers. Die onderwysers moes lidmate van die Gereformeerde Kerk wees en was verplig om die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Kategismus te onderskryf;*
* *Die predikant en ouderlinge, wat ook ouers kon wees, het dikwels die skole besoek om "de vlijtigheid der meesters op te scherpen" (Aangehaal deur Van der Schyf, 1963 : 31); en*
* *Die kerk het onder andere die inhoud en metode van die kategese-onderrig op skool bepaal (Van der Schyf, 1969 : 31).*

Kategese-onderrig kan beskou word as die kerk se taak, alhoewel dit toentertyd in die skole gedoen is.

3.3.3.2 Samevatting

Die kerk se aandeel in die onderwysbeheer gedurende die periode 1652 tot 1795 kan soos volg saamgevat word:

* *Kerkrade was vir 'n lang periode, van 1743 tot 1779, verantwoordelik vir die keuring van onderwysers;*
* *Kerkrade het meestal die inisiatief by die oprigting van skole geneem en het ook self skole opgerig en in stand gehou;*
* *Kerkrade moes, onder leiding van die predikante, die skole inspekteer en toesig hou oor die Christelike gees en rigting van die skoolonderwys; en*
* *Kerkrade het verskillende skole, soos byvoorbeeld diakonieskole vir wees- en minderbevoorregte kinders, finansieel ondersteun (Steyn, 1980 : 25; Pistorius, 1975 : 275).*

3.3.4 Die ouer se aandeel in onderwysvoorsiening en -beheer

3.3.4.1 Inleiding

Dit moet steeds in gedagte gehou word dat die ouer die eerste, natuurlike en primêre opvoeder van sy kind is (sien par. 2.2.). Die gees en gesindheid waarmee die ouerhuis opvoedende onderwys benader, bepaal grootliks die gesindheid van die kind teenoor opvoedende onderwys in die skool (sien par. 2.2.3). Die vraag ontstaan insgelyks of die ouer reeds vanaf 1652 in die Kaap die Goeie Hoop seggenskap gehad het oor opvoedende onderwys.

3.3.4.2 Ouerseggenskap by onderwysbeheer: 1652 tot 1795

Gedurende die beginjare, net na 1652 was die koloniste op hul eie inisiatief aangewese vir opvoedende onderwys. Dit was vir die koloniste belangrik dat hulle geloof volgens Gereformeerde beginsels behoue moes bly. Die ouer het saam met die staat en die kerk die primêre opvoedende onderwysdoelstelling, naamlik dat die kind voorberei moes word om belydenis van geloof af te lê, nagestreef (Barnard, 1979 : 5).

Ouerseggenskap in onderwysvoorsiening en -beheer het dus in die tydperk 1652 tot 1795 soos volg tot uiting gekom:

* Die ouers het gesorg dat hulle kinders voorberei word om belydenis van geloof af te lê. Waar daar nie onderwysgeriewe bestaan het nie, het ouers gesorg dat hulle kinders onderwys kry deur onder meer sieketroosters en amptenare in diens te neem om hulle kinders te onderrig (vgl. par. 3.3.2.1);
* Ouerdeelname aan opvoedende onderwys was gegrond op die doopformulier waarin die ouers onderneem het om hulle kinders in die Christelike leer te onderrig en te laat onderrig; en
* Ouers wat kinders op skool gehad het, het skoolgeld betaal. Die onderwysers se salarisse is uit die skoolgeld betaal (Barnard en Coetsee, 1976 : 10; Van der Schyf, 1969 : 4).

Die koloniste het steeds die Gereformeerde beginsel, naamlik dat die ouer verantwoordelik is vir die opvoedende onderwys van hulle kinders, gehandhaaf. Hulle het dan ook alles in hulle vermoë gedoen om skoolmeesters te huur om hulle by te staan in die onderrig van hulle kinders. Waar ouers in die binneland nie van skoolmeesters gebruik gemaak het nie, het hulle hul kinders self onderrig. Die leerinhoud het feitlik net bestaan uit die basiese grondbeginsels van godsdiens, lees, skryf en reken (Du Toit, 1976 : 26).

3.3.4.3 Evaluering

Die ouers, bewus van hulle verantwoordelikheid vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders, het nie die onderwys van hulle kinders verwaarloos nie. As die kinders nie skole kon bywoon nie, het die ouers self hul kinders onderrig of het hulle 'n skoolmeester in diens geneem om hulle kinders te onderrig.

Die ouers was dus direk betrokke by die onderwys deurdat hulle skole gestig het, tot die salaris van die onderwyser bygedra het en reeds in hulle huise hul kinders se opvoeding en onderwys gegrond het op die Christelik-religieuse grondmotief van skepping, sondeval en verlossing (sien par. 1.6.2).

'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing waarin God, mens en werklikheid in onderlinge samehang in die lig van God se Woord beskou word, is gehuldig (vgl. par. 1.6.6). Die beginsels en norme vir onderwysbeheer is dus deur die Christelike lewens- en wêreldbeskouing bepaal (vgl. par. 1.6.7 en par. 3.3.4.2).

Die ouer was indirek betrokke by onderwysbeheer deurdat hy ook lidmaat van die kerk was. Die vader, indien lid van die kerkraad, het toesig gehou oor die skoolbedrywighede en het seggenskap gehad in die aanstelling van onderwysers (sien par. 3.3.3.2).

Tot en met 1795 het godsdiensbeoefening en die opvoeding en onderwys van kinders vir die koloniste hoë prioriteit geniet. Daar was goeie samewerking tussen staat, kerk, huisgesin en skool ten opsigte van opvoedende onderwys. Na die eerste besetting van die Kaap deur die Engelse in 1795 het daar egter veranderinge in plaaslike onderwysbeheer gekom.

3.4 OUERSEGGENSKAP IN DIE ONDERWYS IN DIE PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP VIR DIE TYDPERK 1795 TOT 1806

3.4.1 Oriëntering

Engeland was aan die einde van die agtiende en begin van die negentiende eeu betrokke by die Napoleontiese oorloë en het die Kaap om strategiese oorwegings in 1795 beset. Tydens die eerste Britse bewind (1795 - 1803) het die Britte hulle hande vol gehad met politieke vraagstukke en het hulle gevolglik nie baie aan onderwys gedoen nie. Weens die politieke onderstrominge is die onderwysontwikkeling aan die Kaap ernstig gestrem. Onderwys was dus in 'n verwaarloosde toestand (Steyn, 1980 : 29; Van Zyl, 1950 : 8; Van der Merwe, 1926 : 171).

Die Napoleontiese oorloë is in 1802 beëindig met die Vrede van Amiens. Volgens een van die vredesvoorwaardes, naamlik die bepaling dat alle gebiede wat tydens die oorloë deur vreemde lande verower en beset is aan hulle oorspronklike eienaars teruggegee moes word, moes die Kaap weer aan die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) oorhandig word (Barnard en Coetsee, 1976 : 16). Die NOIK moes as gevolg van die Napoleontiese oorloë ontbind en die Kaapkolonie is

in 1803 onder die gesag van die Bataafse Republiek, die voormalige Nederlandse koninkryk, geplaas. J.A. de Mist is as kommissaris aangestel met die opdrag om die Kaapkolonie van die Britse bewind oor te neem en die bestuur en administrasie van die gebied waar te neem (Steyn, 1980 : 29; Böeseken, 1972 : 221; Du Toit, 1944 : 1-2).

Kommissaris J.A. de Mist het sterk onder die invloed van die 19de eeuse humanisties naturalistiese Franse tydgees na die Kaap die Goeie Hoop gekom (Du Toit, 1976 : 34; Du Toit, 1944 : 45; Barnard en Coetsee, 1976 : 18).

Waar opvoeding en onderwys voor die Franse Rewolusie op die godsdienstige vorming van die jeug gerig was, is daar na die Franse Rewolusie betoog dat skole gebruik word vir die nasionale en kulturele vorming van die jeug. Die Franse het die invloed van die kerk op onderwysgebied uitgeskakel en geestelikes kon nie langer onderrig gee nie (Van der Schyf, 1969 : 46; Steyn, 1980 : 30; Greyling, 1946 : 33).

De Mist het die voorsiening van onderwys as 'n taak van die staat gesien en het die onderwys in 'n nasionale, in plaas van 'n kerklike stelsel, verander. Met die vorming van goeie staatsburgers as onderwysdoelstelling, was dit vir De Mist nodig dat die staat alleenbeheer oor die onderwys moes kry. De Mist het dus gepoog om deur middel van die 'Skoolorder' van 11 September 1804 die mag van die kerk te verminder en die deelname van ouers in 'n groot mate te beperk. Op hierdie wyse die staat volle beheer oor die onderwys aan die Kaap kon verkry (Van der Schyf, 1969 : 46; Pistorius, 1975 : 283; Du Toit, 1976 : 34).

3.4.2 Onderwysbeheer volgens die 'Skoolorder' van 1804

Die eerste deel van die 'Skoolorder' van De Mist handel oor die beheer oor die onderwys in die hele volksplanting. Die finale seggenskap oor die onderwys was in die goewerneur, as amptelike hoof van die regering, gesetel. Saam met die

Raad van Skolarge het die goewerneur gesorg vir die formulering van die algemene onderwysbeleid en vir die nodige fondse om die skole in stand te hou (Van der Schyf, 1969 : 46-47; Steyn, 1980 : 32; Du Toit, 1944 : 28).

De Mist het die medeseggenskap van die kerk in die onderwys erken deur predikante op te neem in die Raad van Skolarge. Die Raad van Skolarge het bestaan uit sewe lede, naamlik die drie predikante van die Hervormde en Lutherse gemeentes en vier burgerlikes. Die burgerlike lede van die Skolarge is soos volg deur die goewerneur benoem:

* *een verteenwoordiger van die Politieke Raad;*
* *die president of 'n ander lid van die Weeskamer;*
* *die president van die Gemeenteraad; en*
* *nog 'n lid wat sou optree as tesourier (Du Toit, 1976 : 32).*

Dit is opmerklik dat die predikante nie meer van net een kerk was nie en dat die geestelikes (predikante) 'n minderheid in die Raad van Skolarge was. Sodoende het De Mist nie net die kerklike beheer oor die onderwys in 'n groot mate met staatsbeheer vervang nie, maar het hy alle kerke op gelyke voet geplaas (Pistorius, 1975 : 280; Greyling, 1946 : 83; Van der Merwe, 1926 : 180).

3.4.3 Ouerseggenskap in onderwysbeheer: 1795 tot 1806

De Mist se 'Skoolorder' maak nie direk voorsiening vir ouerseggenskap in onderwysbeheer nie. Volgens De Mist het die staat alleenreg op die kind gehad. Die kind ontvang sy opvoeding en onderwys deur onderwysers wat deur die staat aangestel is. Die kerk en die ouer se direkte aandeel in onderwysbeheer is grotendeels uitgeskakel (Cilliers, 1960 : 26-27; Van der Schyf, 1969 : 46-48; Du Toit, 1944 : 159).

In die buitedistrikte en veral op afgeleë boereplase het ouers gebruik gemaak van rondgaande boereskoolmeesters. Die indiensneming van privaatonderwysers was nog steeds die enigste manier waarop die ouers die verpligtinge van die opvoeding en onderwys kon nakom. Klein privaatskole is selfs deur ouers opgerig en in stand gehou, sodat hulle kinders die nodige skoolonderrig kon ontvang (Van der Schyf, 1969 : 50). Die deelname van ouers aan opvoedende onderwys het egter onder streng beheer van die staat gestaan. Ouerdeelname is net toegelaat sover dit die staat bevoordeel het (Steyn, 1980 : 35).

3.4.4 Samevatting

De Mist het met sy 'Skoolorder' gesorg dat ouers geen direkte aandeel in die onderwysbeheer gehad het nie (Barnard en Coetsee, 1976 : 19). Die ouers se belange in die onderwys van hulle kinders is indirek behartig deur die predikante en hul verteenwoordigers in die dorpsraad van Kaapstad. In praktyk het die staat dus die oorheersende posisie in onderwysbeheer beklee, terwyl ouerseggenskap hoogstens op gedelegeerde gesag berus het. Ouers moes aan die hand van die staat se reëls en regulasies optree. Hulle was gevolglik nie meer volle vennote in die onderwysbeheer nie (Cilliers, 1960 : 26-27).

Onderwysbeheer van die kerk het nie meer in samewerking met die staat plaasgevind nie, maar wel onder leiding van die staat. De Mist se 'Skoolorder' was in stryd met die Bybelse beginsels van onderwysbeheer (sien par. 3.3.4.3). Die Skoolorder het verseker dat die jeug deur onderwys opgelei word tot goeie staatsburgers (Steyn, 1980 : 34).

Die bevolking was heftig gekant teen De Mist se onderwysbeleid (Greyling, 1946 : 32). Sy bewind was egter van korte duur. Die Bataafse tydperk is in 1806 beëindig met Brittanje se besetting van die Kaap.

3.5 OUERBETROKKENHEID BY ONDERWYSBEHEER AAN BLANKE SKOLE TYDENS DIE BRITSE BEWIND IN DIE KOLONIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP: 1806 TOT 1905

3.5.1 Inleiding

Gedurende die Tweede Britse besetting het die Britse bestuur nie ingemeng met die huishoudelike sake (ook onderwysaangeleenthede) van die koloniste nie. Die skoolkommissie (in die tyd van De Mist se 'Skoolorder' genoem die Raad van Skolarge) het steeds gefunksioneer (Van der Merwe, 1952 : 15; Barnard en Coetsee, 1976 : 22-24; Van Wyk, 1947 : 183).

Om die ouerseggenskap in onderwysbeheer aan die Kaap die Goeie Hoop in die tydperk 1806 tot 1905 van nader te bekyk, word die tydperk in drie periodes verdeel, naamlik:

* Reorganisasie van die Kaap na die Tweede Britse besetting: 1806 - 1836;
* Die tydperk na die Groot Trek: 1836 - 1865; en
* Veranderinge aan onderwysbeheer na aanleiding van die Watermeyerkommissie se aanbevelings: 1865 - 1905.

3.5.2 Ouerbetrokkenheid by onderwysbeheer aan Blanke skole in Kaapland in die tydperk 1806 tot 1836

3.5.2.1 Historiese oorsig

Die Raad van Skolarge wat De Mist kragtens die 'Skoolorder' aangestel het, het in die tydperk 1806 tot 1814 veel minder mag gehad as hulle voorgangers. Genoemde raad sou later as die Skoolkommissie bekend staan en as sodanig funksioneer. In die tydperk 1806 tot 1836 het die goewerneur as hoogste gesag, bygestaan deur die Skoolkommissie, onderwysbeheer gesentraliseer. Die goewerneur was toe nie net amptelike onderwyshoof nie, maar het ook uitvoerende gesag oor die onderwys verkry (Steyn, 1980 : 37-38).

Die tydperk 1806 tot 1836 is gekenmerk deur die toepassing van die verengelsingsbeleid, waardeur daar gepoog is om die verowerde kolonie aan die moederland, Engeland, gelykvormig te maak. Verder het die Britse regering in 1814 aan die Kaap - nadat Nederland permanent van die Kaap afstand gedoen het - voor 'n dreigende ekonomiese ineenstorting van die Kolonie te staan gekom. Die Kolonie was diep in die skuld en die toestand van die onderwys aan die Kaap was haglik (Steyn, 1980 : 36-37; Kotzé, 1975 : 124-125). Die opvoedende onderwys aan die Kaap is verder nadelig beïnvloed deur die Britse regering se beleid om die Kaap teen die laagste moontlike koste te beset (Coetzee, 1958 : 39).

Om ouerbeheer op plaaslike vlak in perspektief te plaas word vervolgens gekyk in watter mate onderwysbeheer in die Kaapkolonie gedurende die tydperk 1806 tot 1836 verander het.

3.5.2.2 ***Verandering in onderwysbeheer in die tydperk 1806 tot 1836***

Onderwys aan die kolonie die Kaap die Goeie Hoop (Kaapland) het gedurende dié tydperk veel te wense oorgelaat. Sir John Cradock was die eerste Engelse goewerneur wat ernstige aandag aan die onderwys geskenk het. Na aanleiding van 'n ondersoek van onderwystoestande in die binneland, en die inagneming van landdroste se aanbevelings in verband met die onderwys, het die hoofregter in 1811 'n verslag opgestel. Op grond van sy bevindinge het die Skoolkommissie sekere aanbevelings ten opsigte van die onderwys gemaak en is daar in Oktober 1812 'n belangrike verslag vrygestel. Die aanbevelings is met enkele wysigings deur Cradock aanvaar (Coetzee, 1958 : 39-40; Van der Merwe, 1952 : 15; Pistorius, 1975 : 286).

Die Skoolkommissie het onder andere aanbeveel dat:

* *daar op elke plek waar 'n kerk bestaan het, ook 'n skool moes wees. Skoolgeboue moes herstel word en landdroste en predikante moes inwoners van hul wyk aanmoedig om die skole te gebruik; en*
* *benewens die feit dat die helfte van die skoolgeld deur leerlinge se ouers betaal is, moes aan die onderwyser ook 'n geringe jaarlikse salaris betaal word (Coetzee, 1958 : 40-41; Barnard en Coetsee, 1976 : 22-23; Du Toit en Nell, 1982 : 40-41).*

Vir Cradock was die onderwys 'n saak van erns. Hy het daadwerklik pogings aangewend om die onderwys te herorganiseer en die aanbevelings van die Skoolkommissie uit te voer. As hooftoesighouer oor die onderwys het die regering die algemene beheer daarvan in Kaapland aan die Skoolkommissie toevertrou (Du Toit en Nell, 1982 : 41).

Cradock het die onderwys weer ten nouste verbind met die kerk (Barnard en Coetsee, 1976 : 22). Die skole het onder die toesig van die plaaslike beheerliggaam - gewoonlik die kerkraad waarop ouers verteenwoordig was - gestaan. Of die koster van die kerk óf 'n voorleser het gewoonlik die werk van die onderwyser behartig. Benewens die skoolgeld wat deur die kinders se ouers betaal is, het hulle ook nog 'n salaris van die regering ontvang (Pistorius, 1975 : 287; Coetzee, 1975 : 42-43).

Gedurende 1813 is die samestelling van die Skoolkommissie weer verander en is 'n naamsverandering voorgestel. Gedurende besluitneming was die kerklike amptenare in die meerderheid en is besluit dat die Skoolkommissie daarna bekend sou staan as die Bybel- en Skoolkommissie (Barnard en Coetsee, 1976 : 22-23; Du Toit en Nell, 1982 : 41).

Om aan die Hollandssprekende bevolking op die platteland 'n groter aandeel in onderwysbeheer te gee, het die goewerneur toestemming verleen dat binne die stelsel van kosterskole ook voorsiening gemaak word vir plaaslike distrikskool-komitees. Die kosterskole sou onder die onmiddellike beheer van die distrikskoolkomitee staan. Dit sou bestaan uit die predikant, landdros en ander geskikte persone (Steyn, 1980 : 40-41; Van der Merwe, 1952 : 17-18).

Die distrikskoolkomitee was die voorloper van die huidige stelsel van skoolkomitees (skoolbestuurslede). Die dis-trikskoolkomitee kon vir die ouers 'n geleentheid bied om inspraak te hê in onderwysbeheer op plaaslike vlak. Dit blyk egter dat die distrikskoolkomitee nie op 'n vaste basis saamgestel was nie. Die plaaslike gemeenskap, en dus ook die ouers, het nie werklik verteenwoordiging in onder-wysbeheer op plaaslike vlak gehad nie. Dit was so omdat die skoolkomitee op 'n willekeurige wyse saamgestel is en die staat gesorg het dat slegs persone gekies word wat die staat sou ondersteun met hul verengelsingsbeleid in die onderwys.

Die pligte van die dikstrikskoolkomitee is eers in 1827 behoorlik omskryf. Die funksies van die distrikskoolkomi-tee was volgens Coetzee (1975 : 551), Malherbe (1925 : 66) en Van Wyk (1947 : 51) om:

* *toesig te hou oor openbare skole in hulle distrikte en oor die onderwys wat aan die betrokke skole verskaf is;*
* *die skole in hulle distrikte so dikwels moontlik gedurende skooltyd te besoek.*

Voorts is van hulle vereis om:

* *toesig te hou oor die vordering van kinders;*
* *die skoolpryse uit te deel;*
* *skoolvakansies vas te stel; en*
* *toesig te hou oor die morele gedrag van onderwysers en leerlinge.*

In 1834 is daar deur die regering op aanbeveling van die Bybel- en Skoolkommissie toestemming verleen dat die distrikskoolkomitees deur plaaslike skoolkomitees vervang word. Elke skool sou sy eie skoolkomitee hê. Die skoolkomitee sou aanbevelings doen vir die vulling van vakatures by 'n skool en moes nie uit minder as drie lede bestaan nie. Die komitee is ook nie deur die plaaslike inwoners gekies nie, maar is deur die Kaapse regering aangestel (Hattingh, 1978 : 37-38; Coetzee, 1975 : 56; Malherbe, 1925 : 66).

Nog 'n verandering wat in 1834 met betrekking tot die plaaslike onderwysbeheer aangebring is, is dat gratis onderwys beëindig is. Skoolgelde sou voortaan deur die skoolkomitee gehef word. Die skoolkomitee kon ook besluit oor die meriete van individuele gevalle om nie skoolgeld te betaal nie (Steyn, 1980 : 45; Van der Merwe, 1952 : 23; Van Wyk, 1947 : 53).

Teen 1836 het die regering min aandag aan die Bybel- en Skoolkommissie en hulle onderhorige liggame bestee. Die Bybel- en Skoolkommissie het uit voeling geraak met die skole - veral met die afgeleë plattelandse skole. Die lede van die Bybel- en Skoolkommissie was nie onderwysmanne nie en het dus slegs geringe aandag aan onderwyssake gegee (Van Wyk, 1947 : 55). Die boerebevolking, wat nie kon inskakel by die 'kosterskole' nie, was hoofsaaklik op die 'swerwende meester' aangewese. Op die afgeleë boereplase het die Bybel- en Skoolkommissie nie seggenskap gehad oor die plaaslike skoolkomitee nie (Van Zyl, 1950 : 10; Coetzee, 1958 : 54).

Die onderwysbeheerstruktuur teen die einde van 1836 kan voorgestel word soos in organigram 3.1.

Organigram 3.1 ***Die onderwysbeheerstruktuur in die Kolonie die Kaap die Goeie Hoop 1836 (Steyn, 1980 : 46):***



In die lig van die voorafgaande word die ouer se betrokkenheid in onderwysbeheer in Kaapland vir die tydperk 1806 tot 1836 vervolgens bespreek.

3.5.2.3 Ouerseggenskap by onderwysbeheer 1806 tot 1836

In die tydperk 1806 tot 1836 het die Britse regering aan die Kaap ook teenkanting van die Hollandsprekende ouers ondervind, veral as gevolg van die verengelsingsbeleid van

die regering in skole. Alhoewel die regering aan die kerk 'n aandeel in onderwysbeheer gegee het, is hulle nogtans gedwing om voorsiening te maak vir die instelling van plaaslike beheerliggame in die onderwys. Die gevolg hiervan was dat distrikskoolkomitees in 1827 (wat in 1834 vervang is deur plaaslike skoolkomitees) aangestel is. Die plaaslike beheerliggame het onder strenge beheer en voorskrifte van die staat gestaan en het nie na behore gefunksioneer nie (Steyn, 1980 : 48).

Soos in paragraaf 3.5.2.2 vermeld, is ouers nie in distrikskoolkomitees opgeneem nie want die lede van die komitees is op willekeurige wyse deur die staat aangestel. Dit blyk dus dat die ouers gedurende 1806 tot 1836 'n beperkte seggenskap in onderwysbeheer aan die Kaap gehad het.

Dit was veral op die afgeleë boereplase, dit wil sê op die platteland, waar ouers wel self toegesien het dat die boereskoolmeesters kennis aan hulle kinders oordra. Daar het ouers dus direkte seggenskap oor die opvoeding en onderwys van hulle kinders gehad (Pistorius, 1975 : 291).

Die ouers het hulle teen die verengelsingsbeleid van die regering verset en privaatskole gestig. Die privaatskole het dit onder andere ten doel gestel om die kinders in die lees en skrywe van hulle moedertaal te onderrig. Daar is ook in die skole 'n belangrike plek aan godsdiensonderrig toegeken. Vir die ouers was hulle godsdiens belangrik (Barnard en Coetsee, 1976 : 26).

Alhoewel die ouers in die tydperk 1806 tot 1836 beperkte seggenskap oor opvoedende onderwys gehad het, het hulle hul tog voortdurend bemoei met die opvoedende onderwys van hulle kinders. Die grondslag vir bepaalde plaaslike beheerstrukture, soos plaaslike skoolkomitees, is in die tydperk 1652 tot 1832 gelê (sien par. 3.5.2.2).

Daar sal voorts gelet word in watter mate onderwysbeheer op plaaslike vlak ontwikkel het en in watter mate die ouer betrokke was by onderwysbeheer gedurende die tydperk 1836 tot 1865 (Steyn, 1980 : 48).

3.5.3 Ouerseggenskap in onderwysbeheer aan Blanke skole in Kaapland gedurende die tydperk 1836 tot 1865

3.5.3.1 Oriëntering

Gedurende die Groot Trek, toe baie Hollands-Afrikaanse koloniste hulle plase verlaat en die binneland ingetrek het, het die Blankebevolking in die Kaapkolonie drasties verminder. Die Britse regering het na die Groot Trek veel minder teenstand teen die uitvoering van sy onderwysbeleid ondervind (Muller, 1975 : 149-154).

Onderwys in die Kaapkolonie het in die dertigerjare van die vorige eeu stelselmatig agteruitgegaan en selfs tot stilstand gekom. Dit was grootliks as gevolg van die feit dat skoolkomitees:

* *slegs beheer oor sekere skole gehad het;*
* *uit voeling was met die onderwys op afgeleë plattelandse gebiede; en*
* *nie behoorlike kontrole uitgeoefen het oor skole onder hulle beheer nie (Van der Merwe, 1952 : 21-25; Du Toit en Nell, 1982 : 52-55; Van Wyk, 1947 : 69).*

Die ontwikkeling van die onderwysbeheer in die Kaapkolonie voor 1865 is beïnvloed deur die onderwysbeheerstelsel in Engeland. Daar is beweeg in die rigting van 'n volwaardige onderwysdepartement met 'n eie Superintendent van Onderwys (Steyn, 1980 : 49; Coetzee, 1958 : 55).

3.5.3.2 *Sentrale beheer oor die onderwys*

Daar word in die onderstaande paragraaf kortliks aandag geskenk aan die sentrale beheer in die onderwys. Sodoende kan die ontwikkeling van plaaslike beheer, veral met betrekking tot ouerseggenskap, in perspektief geplaas word.

Die sentrale beheer oor die onderwys was in 1838 nog steeds in die hande van die goewerneur en die Bybel- en Skoolkommissie. Die beheerstruktuur het in die praktyk baie probleme gelewer omdat:

* *die Goewerneur sy aandag aan dringende landsake moes skenk; en*
* *die Bybel- en Skoolkommissie nie die skole onder sy beheer kon besoek en inspekteer nie (Visagie, 1966 : 45).*

In 'n poging om dié tekortkomming met betrekking tot die onderwysbeheer die hoof te bied, het die koloniale sekretaris, kol. J. Bell, in 1837 voorgestel dat daar 'n Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) aangestel word (Coetzee, 1975 : 56-67; Du Toit en Nell, 1982 : 55; Van Wyk, 1947 : 62). In 1839 is die eerste Superintendent-generaal van Onderwys, aangestel - James Rose-Innes (Barnard, 1979 : 27; Visagie, 1966 : 50).

Die Superintendent-generaal van Onderwys sou voortaan:

* *die permanente hoofbeleidbepalende en -uitvoerende gesag met betrekking tot die onderwys wees;*
* *en verantwoordelik wees vir die algemene beheer oor die onderwys in die Kaapkolonie.*

Alhoewel die Superintendent-generaal van Onderwys in 1839 die onderwysverantwoordelikheid van die Bybel- en Skoolkommissie oorgeneem het, is die kommissie eers in 1841 ontbind (Van Wyk, 1947 : 68; Van der Merwe, 1952 : 37).

Die Superintendent-generaal van Onderwys kan egter weens veelvuldige administratiewe werksaamhede nie al sy verpligtinge nakom nie. 'n Raad van eksaminatore is onder meer

aangestel om die Superintendent-generaal van Onderwys behulpsaam te wees met die kontrolering en koördinering van eksamens wat in die verskillende onderwysinrigtings afgelê is (Coetzee, 1975 : 64).

Op plaaslike vlak het die skoolkomitees nog steeds gefunksioneer en het die Superintendent-generaal van Onderwys sekere take (sien par. 3.5.3.2.2) aan die skoolkomitees gedelegeer (Steyn, 1980 : 52-53).

3.5.3.3 Ouerseggenskap in onderwysbeheer op plaaslike vlak

Skoolkomitees was sedert die regulasie van 1834 verantwoordelik vir plaaslike beheer oor die onderwys. Die plaaslike skoolkomitees het op groter dorpe uit siviele kommissarisse - distriksgeneeshere, predikante en ouderlinge - bestaan. Predikante en ouderlinge, wat ook ouers kon wees, het op kleiner dorpe die skoolkomitees gevorm (Hattingh, 1978 : 37-38; Coetzee, 1975 : 56). Vergelyk paragraaf 3.5.3.2.

Die plaaslike skoolkomitees het volgens die 1834-regulasie oor plaaslike onderwys beheer uitgeoefen (vgl. par. 3.5.2.2).

In 1842 is 'n nuwe regulasie met betrekking tot die plaaslike beheerliggame (skoolkomitees) uitgevaardig. Die skoolkomitees is saamgestel uit 'n naamlys wat deur die Superintendent-generaal van Onderwys goedgekeur is (Steyn, 1980 : 55; Van der Merwe, 1952 : 29). Die moontlikheid het bestaan dat ouers nog steeds nie werklike verteenwoordiging in skoolkomitees gehad het nie (vgl. par. 3.5.2.2). In die praktyk is sekere ouers, synde lede van 'n kerkraad, op kleiner dorpe wel opgeneem in die skoolkomitee. Die taak van skoolkomitees is volgens Steyn (1980 : 53-54) en Van der Merwe (1952 : 29) soos volg vasgestel:

* *Klagtes van ouers en voogde moes deur die skoolkomitees hanteer en ondersoek word. Tydens geskille tussen die ouers en die onderwyser moes die komitees optree as tussenganger. Die skoolkomitees moes sorg dra dat beide partye se sake regverdig behandel word. Indien nodig, kon besondere probleme na die Superintendent-generaal van Onderwys verwys word vir finalisering. Die komitees moes ook sorg dat die ouers nie onredelik inmeng in die skoolwerksaamhede van die onderwyser nie.*
* *Die skoolkomitees moes sorg dat die skool toeganklik gemaak word vir alle klasse van die samelewing. Die onderwyser kon wel 'n leerling onder sekere omstandighede die reg op skoolbywoning weier. Indien die ouers teen so 'n weiering beswaar aangeteken het, moes die skoolkomitees die saak ondersoek en aan die Superintendent-generaal van Onderwys verslag doen.*
* *Die plaaslike skoolkomitees moes, in samewerking en in oorleg met die Superintendent-generaal van Onderwys, die skole onder hulle beheer gereeld besoek. Die skoolkomitees moes toesig hou oor die interne organisasie en die gehalte van die onderrig in die skool.*

Die werksaamhede van die skoolkomitees was dus hoofsaaklik beperk tot die interne sake van die skole. Die skoolkomitees se verantwoordelikhede was hoofsaaklik toesighoudend van aard (Van Wyk, 1947 : 85).

Daar het by die ouers 'n begeerte ontstaan om groter seggenskap oor die onderwys te verkry. Die regering het plaaslike inisiatief aangemoedig toe onderneem is om die salarisse van die onderwysers in sendingskole te betaal. Hierdie beginsel van staatshulp, aangevul deur plaaslike inisiatief, was die grondslag vir die regulasie van 1843.

Om in die onderwysbehoeftes van die platteland te voorsien is daar kragtens die regeringskennisgewing van 14 September 1843 - 'n uitvloeisel van die regulasie van 1843 - bepaal

dat die staat R60 sou bydra tot die salaris van die onderwysers by die derdeklasskole van die boerebevolking. Die voorwaarde was dat die inwoners (dit wil sê ouers) voorsiening moes maak vir die nodige klaskamers, onderwyserswonings asook die stelselmatige invoering van Engels in skole. Uit diegene wat 'n bydrae gemaak het vir die oprigting van die skoolgeboue kon 'n skoolkomitee gekies word wat as trustees van die skoolgeboue sou optree. Ouers moes onderneem om ten minste R2,50 skoolgeld per kind per kwartaal te betaal (Van der Merwe, 1952 : 50; Du Toit en Nell, 1982 : 64; Malherbe, 1925 : 80-89).

Dit blyk dus dat ouers nog 'n beperkte geleentheid gekry het om deur middel van die kerkraad (veral die ouderlinge) betrokke te raak by die beheer oor die onderwys van hulle kinders. Ouers het die belange van die onderwys op die hart gedra. Hulle het gesorg dat die nodige geld, wat die regering as waarborg vereis het, gevind word (Du Toit en Nell, 1982 :64).

Die skoolkomitees kon hulle eie onderwysers benoem. Die aanstelling van die onderwysers moes deur die goewerneur goedgekeur word. Die skoolkomitees, waarvan van die ouers lede was, was ook toegelaat om skole in hulle streek namens die staat te besoek (Van der Merwe, 1952 : 31).

Gedurende 1855 is afdelingsrade as liggame van plaaslike beheer ingestel. Volgens een van die artikels van die Wet van 1855 is daar bepaal dat die magte en pligte van die verskillende skoolkomitees aan die afdelingsrade oorgedra word. Die afdelingsrade sou veel beter in staat wees om plaaslike belasting vir onderwysdoeleindes te hef en aan te wend. In 1855 is die werksaamhede van die skoolkomitees dan ook deur die nuutgestigte afdelingsrade oorgeneem (Du Toit en Nell, 1982 : 64; Coetzee, 1958 : 66).

Die afdelingsrade het uit ses lede bestaan. Die lede is gekies deur die geregistreerde kiesers in elke afdelingsraadgebied. Die moontlikheid was daar dat van die lede van 'n afdelingsraad ook ouers kon wees. Dit sou meebring dat daar op plaaslike vlak moontlike seggenskap in die onderwys in Kaapland gegee is. Die afdelingsrade het die verantwoordelikhede ten opsigte van die onderwys van die plaaslike skoolkomitees oorgeneem (Steyn, 1980 : 55).

Die regering het egter gou besef dat die afdelingsrade, as gevolg van veelvuldige ander werksaamhede, die onderwys verwaarloos. Wet 14 van 1858 het voorsiening gemaak vir spesifieke rade vir onderwys. Die rade vir onderwys sou onderwyssake in die dorpe behartig (Steyn, 1980 : 55-56).

Volgens Wet 14 van 1858 is enige veldkornetskap of dorp, wat oor die bepaalde minimum aantal inwoners beskik het, toegelaat om 'n Raad vir Onderwyssake in te stel. Die Raad vir Onderwyssake moes deur die inwoners van die veldkornetskap of dorp, wat nie noodwendig ouers van die skoolgaande kinders hoef te gewees het nie, gekies word. Die lede van die Raad moes drie jaar dien. Die pligte van die Raad vir Onderwyssake soos in Wet 14 van 1858 vervat, was onder meer die volgende:

* *Die Raad moes onderwysers nomineer en, na goedkeuring deur die Superintendent-generaal van Onderwys, aanstel;*
* *In geval van 'n onenigheid tussen die ouers en die onderwyser, moes die Raad as arbiter optree. Die Raad het oor die bevoegdheid beskik om die onderwyser te skors indien hy hom aan sekere nalatighede of morele misdrywe skuldig gemaak het (Cape of Good Hope, 1883 : 370-379).*

Ouers het deur die Raad vir Onderwys meer seggenskap in onderwysbeheer op plaaslike vlak gekry (Van der Merwe, 1952 : 31-34). Vergelyk paragraaf 3.5.3.2.

3.5.3.4 ***Evaluering***

Daar het gedurende die typerk 1839 tot 1865 in die kolonie die Kaap die Goeie Hoop 'n besondere belangstelling in elementêre onderwys geheers. Die ouers het sedert 1834 met die aanstelling van plaaslike besture (of soos later genoem afdelingsrade en Rade vir Onderwy)s, meer verteenwoordiging en magte oor opvoedende onderwys gekry. Ouers het ook 'n meer aktiewe rol in onderwysbeheer begin speel (Van Zyl 1950 : 33-34).

Alhoewel die plaaslike beheerliggame oor gedelegeerde gesag beskik het, was dit in die praktyk beperk tot die voorsiening en instandhouding van die onderwysfasiliteite. Van al die ander verpligtinge en take, soos genoem in paragraaf 3.5.3.3, het niks tereg gekom nie. Die plaaslike beheerliggame het nie seggenskap gehad oor die gees en rigting van die onderwys in skole in hulle streke nie (Steyn, 1980 : 60).

Groter finansiële verantwoordelikheid plaaslik het die plaaslike gemeenskappe ook meer belangstelling in die onderwys laat toon (Coetzee, 1958 : 63).

3.5.4 ***Ouerseggenskap in Blanke-onderwys in Kaapland in die tydperk 1865 tot 1905***

3.5.4.1 ***Inleiding***

'n Belangrike probleem op onderwysgebied gedurende die vyftigerjare van die vorige eeu was die ontoereikende onderwysfasiliteite. Die stelsel van gesubsideerde onderwys het groot voorkeur geniet, maar die uitvoering daarvan het veel te wense nagelaat. Daar het groot ontevredenheid onder die ouers geheers oor die manier waarop die onderwys gerealiseer is (Coetzee, 1958 : 63-64; Scholtz, 1975 : 210-211).

Onder die voorsitterskap van E.B. Watermeyer het 'n parlementêre kommissie van agt lede die beheer oor die onderwys ondersoek en met voorstelle gekom wat later in Onderwyswet 13 van 1865 vasgelê is (Coetzee, 1958 : 64; Van der Merwe, 1952 : 36; Swart, 1980 : 244).

3.5.4.2 Enkele aanbevelings van die Watermeyer-kommissie (1863) betreffende plaaslike onderwysbeheer

Die Watermeyerkommissie van 1863 het volgens Malherbe (1925 : 94-105) onder meer die volgende aanbevelings ten opsigte van onderwysvoorsiening en -beheer in Kaapland gemaak:

* *Die stigting van skole moes meer aan die plaaslike inisiatief oorgelaat word, maar moes steeds onderworpe wees aan die goedkeuring van die regering;*
* *Die aanstelling van skoolkomitees, die invordering van skoolgelde en die interne skoolorganisasie moes die goedkeuring van die goewerneur wegdra; en*
* *Onderwysers kon eers deur die afdelingsraad aangestel word nadat die goewerneur se goedkeuring daarvoor verkry is.*

Die regering in Kaapland het al hoe meer die waarde en noodsaaklikheid om plaaslike pogings in onderwys en onderwysbeheer te steun, begin insien. Kerklike liggame en skoolkomitees is die geleentheid gebied om skole in stand te hou en uit te brei (Van der Merwe, 1952 : 39).

Volgens die aanbeveling van die Watermeyerkommissie moes die afdelingsrade die plaaslike onderwysbeheer behartig. Die afdelingsrade moes die reg ontvang om skoolkomitees aan te stel om hulle behulpsaam te wees met onderwysaangeleenthede in hul afdelingsraadgebied. Die pligte van die plaaslike skoolkomitees moes volgens Steyn (1980 : 63) en Van der Merwe (1952 : 45)wees om:

* *skole te stig waar die behoefte bestaan;*

* *te sorg vir die oprigting en instandhouding van die nodige skoolgeboue;*
* *onderwysers aan te stel ná die goedkeuring van die goewerneur. Die komitees moes ook die helfte van die salarisse van die onderwysers waarborg. Die ander helfte is deur die regering verskaf.*

Die voorstelle van die Watermeyerkommissie ten opsigte van onderwysbeheer is sonder enige belangrike wysigings in die Onderwyswet 13 van 1865 opgeneem. Die Superintendent-generaal van Onderwys se ampstitel is verander na Inspekteur-generaal.

*3.5.4.3 **Plaaslike onderwysbeheer op grond van Onderwyswet 13 van 1865***

Op plaaslike vlak het die regering die inisiatief ten opsigte van die stigting en instandhouding van skole aangemoedig en tot die uiterste konsekwensies deurgevoer. Sodanige pogings is dan ook finansieël ondersteun. Rade vir onderwys is deur skoolkomitees - een vir elke skool - vervang. Die skoolkomitees is deur munisipaliteite of afdelingsrade saamgestel uit persone (wat ook ouers kon wees) wat onderneem het om skole te finansier (Malherbe, 1925 : 129).

Die skoolkomitees se pligte het onder meer die volgende behels:

* *Om 'n deel van die salaris van die onderwysers te waarborg;*
* *Die doeltreffende organisasie en administrasie van die skool om sodoende te kwalifseer vir die uitbetaling van die staatsubsidie;*
* *Die voorsiening van die nodige onderwysfasiliteite aan skole;*

* *Die gee van toestemming vir een uur nie-verpligte Godsdiensonderrig per week (Cape of Good Hope (Colony), 1904 : 3).*

Ouers het as lede van 'n skoolkomitee seggenskap gehad in die beheer van onderwys op plaaslike vlak.

3.5.4.4. ***Verdere ontwikkelinge van ouersegggenskap in plaaslike onderwysbeheer aan die Kaap die Goeie Hoop tydens die tydperk 1865 tot 1905***

Die onderwysbeheerstruktuur op plaaslike vlak (soos neergelê in Wet 13 van 1865) het in die praktyk verskeie tekortkominge geopenbaar. Enkele knelpunte met betrekking tot onderwysbeheer op plaaslike vlak kan volgens Van der Merwe (1952 : 47-52) en Steyn (1980 : 67-68) uitgewys word:

* *Skoolkomitees was nie altyd verteenwoordigend van hulle onderskeie skoolomgewings nie. In verskeie gevalle was die skoolkomitees net verteenwoordigend van 'n bepaalde kerkgenootskap. (Die Britse owerheid en sy ondersteuners was voortdurend daarteen gekant dat 'n kerkgenootskap 'n leidende rol in onderwyssake speel.)*
* *Plaaslike skoolkomitees was volgens die wetgewing nie korporatiewe liggame nie. Hulle kon gevolglik nie vaste eiendom besit nie.*
* *Die plaaslike skoolkomitees het nie wetlike magte gehad nie. Die finansiële ondersteuning van die skole uit plaaslike bronne het te veel op vrywillige inisiatief berus. Dit het die ontwikkeling van die onderwys, veral onder minder gegoede gemeenskappe, gestrem.*

Die plaaslike inwoners - ook die ouers - moes self die inisiatief neem met die stigting van skole. Skoolkomitees is gekies uit persone wat onderneem het om skole te finansier. Ouers kon ook help om skole te finansier. Ouers kon op hierdie wyse lede van die skoolkomitees word. Ouers het

derhalwe deur die skoolkomitees gedelegeerde staatsgesag ontvang ten opsigte van die verantwoordelikheid om onderwysfasiliteite by skole te voorsien en in stand te hou (Steyn, 1980 : 65-66; Van der Merwe, 1952 : 48).

Aangesien die Superintendent-generaal van Onderwys inspekteurs aangestel het om skole te besoek, het ouers deur die plaaslike beheerliggame nie direkte toesighoudende verantwoordelikhede teenoor onderwysers gehad nie. Ouers kon op die finansiële steun van die staat staatmaak. Skoolkomitees moes egter eers waarborge verskaf dat die ontbrekende twee vyfdes van die onderwysers se salaris gevind sou word.

Onderrig aan private plaasskole het ook verbeter omdat die ouers daarop begin aandring het dat onderwysers gekwalifiseerd moes wees (Cape of Good Hope (Colony), 1893 : 21). Ouers het dus toegesien dat hulle kinders 'n goeie opvoeding en onderwys ontvang.

Ouerseggenskap in onderwysbeheer deur die stelsel van skoolkomitees het volgens Du Toit (1982 : 70) en Visagie (1966 : 206) mank gegaan aan die volgende gebreke:

* *'n Metode vir die kies van skoolkomitees is nie bepaal nie. Onreëlmatighede het dus voorgekom;*
* *Nuwe komitees was nie gebind deur die besluite van hulle voorgangers nie;*
* *Die skoolkomitees het nie 'n regspersoonlikheid gehad nie. Skoolkomitees kon dus nie eiendom op hulle naam registreer nie; en*
* *Borge (dikwels dié) moes tekorte uit hulle eie sak vergoed.*

In 'n poging om 'n verbetering in die onderwysbeheerstruktuur op plaaslike vlak te bewerkstellig, het 'n kommissie onder voorsitterskap van F.J. de Villiers in 1879 onder andere aanbeveel dat bestaande skoolkomitees omskep moes word in skoolrade (Coetzee, 1975 : 76-77).

Die destydse Kaapkolonie moes in 'n aantal skoolraadsdistrikte ingedeel word. Die gekose skoolrade moes die verantwoordelikheid dra vir alle onderwysaangeleenthede in die betrokke skoolraadsdistrikte. Kiesers wie se name op die parlementêre kieserslys (waar onder ook ouers) verskyn het, kon gekies word.

Verder is ook bepaal dat skoolrade as korporatiewe liggame oor die reg moes beskik om 'n gedeelte van die plaaslike belasting vir onderwysaangeleenthede aan te wend.

Die skoolrade was verantwoordelik vir die aanstelling van onderwysers na die onderwysdepartement hulle ook goedgekeur het. Ouers sou deur die skoolrade (waar van die lede ook ouers kon wees) dus beperkte magte in die onderwys in Kaapland hê.

Langham Dale het in 1859 vir Rose-Innes as Superintendent-generaal van Onderwys opgevolg. Hy het verskeie besware teen die instelling van skoolrade ingebring. Dale het onder andere beweer dat die instelling van skoolrade die plaaslike uitgawes sou laat toeneem aangesien daar 'n sekretaris, penningmeester, 'n 'stokkiesdraaibeampte' en 'n plaaslike inspekteur aan sodanige skoolraad verbonde moes wees (Van der Merwe, 1952 : 56-57; Coetzee, 1975 : 68).

Die Onderwyswet van 1865 het egter in beginsel niks nuuts gebring nie, maar het die reeds bestaande gebruik in die onderwysbeheer in Kaapland gewettig en behoorlik georden (Coetzee, 1958 : 65; Van der Merwe, 1952 : 36).

Toe Thomas Muir in 1892 as opvolger van Dale as Superintendent-generaal van Onderwys aangestel is, het hy gevind dat die bestaande onderwysstelsel verouderd en swak georganiseerd was. Nadat Muir die Departement gereorganiseer het, het hy hom beywer vir die verwesenliking van 'n ander ideaal, naamlik die instelling van skoolrade vir plaaslike

beheer. Teen 1905 het Muir se reorganisasieplanne reeds so ver gevorder dat hy daardie jaar die Skoolraadwet (Wet 35 van 1905) kon indien - die eerste skoolwet sedert 1865 (Scholtz, 1975 : 213; Cape of Good Hope, (Colony), 1893 : 43; Malherbe, 1925 : 139-140).

3.5.4.5 Evaluering

Ouers het in die tydperk 1865 tot 1905 beperkte gedelegeerde beheer oor onderwys in Kaapland gehad.

Danksy Dale, die Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, se ondersteuning van die waarborgstelsel, het ouers d.m.v. skoolkomitees die geleentheid gehad om mee te doen aan die onderwysvoorsiening aan hulle kinders deurdat die plaaslike skoolkomitees skole kon stig, finansier en onderhou.

Om met die hulp van die regering primêre onderwys binne die bereik van almal te kry, het Dale die samewerking van die inwoners in elke omgewing verkry (Van der Merwe, 1952 : 50).

Die skoolkomitees het egter beperkte magte gehad (sien par. 3.5.4.4). Dit het meegebring dat ouers nie hulle primêre verantwoordelikheid, naamlik om toe te sien dat opvoedende onderwys in die skool in ooreenstemming moet wees met die lewensopvatting van die ouerhuis, kon nakom nie (sien par. 1.6.7).

Die algemene toestand van skole was swak en die stelsel van skoolkomitees het baie gebreke gehad. Muir het die onderwysstelsel herorganiseer en gepoog om met die Skoolraadwet 35 van 1905 tekortkominge in die ou stelsel uit te skakel.

3.6 *DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN 'N STELSEL VAN SKOOLRADE AS PLAASLIKE BEHEERLIGGAME*

3.6.1 *Inleiding*

Dit was geen maklike taak om die Skoolraadwet van 1905 op die wetboek te plaas nie. Daar is aanvanklik heftig beswaar gemaak teen die regering se voorstel om skoolkomitees af te skaf en skoolrade as die enigste skakel tussen skole en die Departement van Onderwys (Kaapland) te erken. Op aanbeveling van 'n gekose komitee is 'n kompromievoorstel met groot geesdrif in die parlement aanvaar. Dit het voorsiening gemaak vir die instelling van skoolrade naas skoolkomitees (Du Toit, 1982 : 87; Van der Merwe, 1952 : 133).

Om die ontstaan en ontwikkeling van die stelsel van skoolrade in die provinsie die Kaap die Goeie Hoop te beskryf, word die Skoolraadwet van 1905 eers bespreek. Daarna sal aangetoon word hoe die stelsel van skoolrade oor die tydperk 1905 tot 1985 ontwikkel het.

3.6.2 ***Die Skoolraadwet, 1905 (Wet 35 van 1905)***

3.6.2.1 *Inleiding*

Die Skoolraadwet van 1905 het op 8 Junie deser skoolrade ingestel. Die Skoolraadwet van 1905 is opgestel "to Provide for the Establishment of School Boards and for the better Management of Education throughout the Colony of the Cape of Good Hope" (Russel, 1906 : 9).

Die Skoolraadwet van 1905 het voorsiening gemaak vir twee soorte liggame wat plaaslike onderwysbeheer moes behartig, naamlik skoolrade en skoolkomitees. Daar word vervolgens in paragraaf 3.6.3 eers gekyk na die ontstaan en ontwikkeling van die stelsel van skoolrade. In paragraaf 3.7 word

die instelling en ontwikkeling van 'n stelsel van skoolkomitees as plaaslike beheerliggame onder die loep geneem. Daar word telkens gewys in watter mate ouers seggenskap gehad het in opvoedende onderwys aan skole.

3.6.3 Skoolrade volgens Skoolraadwet 35 van 1905

Die Kaapkolonie is kragtens Skoolraadwet 35 van 1905 verdeel in ongeveer eenhonderd skoolraadsdistrikte. Elke skool in die ingestelde distrik sou onder die jurisdiksie van 'n skoolraad staan (Du Toit, 1982 : 81-82; Hattingh, 1978 : 38).

3.6.3.1 Samestelling en ontbinding van skoolrade

Elke skoolraad sou uit minstens ses en hoogstens agtien lede bestaan. Die presiese aantal skoolraadslede moes deur die minister, in veelvoude van drie, bepaal word (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : artikel 8).

Volgens artikel 10 van die wet moes twee derdes van die skoolraadslede gekies word uit die belastingbetalers (wat ook ouers kon wees) van die munisipaliteit en/of afdelingsraad binne die skooldistrik. Dit het egter afgehang of die skooldistrik enigsins binne 'n afdelingsraadsgebied of 'n munisipaliteit geleë was. Die res van die lede sou deur die goewerneur aangestel word.

Volgens artikel 10 van Skoolraadwet 35 van 1905 kon nie-belastingbetalers ook as lede van 'n skoolraad gekies word. In artikel 20 word voorsiening gemaak vir die ontbinding van skoolrade indien hulle in gebreke sou bly om hul pligte uit te voer. 'n Nuwe skoolraad sou dan deur die Superintendent-generaal van Onderwys saamgestel word (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : 12 en 20).

3.6.3.2 Die pligte van die plaaslike skoolrade

Die pligte van die skoolrade het onder meer die volgende behels (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : artikels 39,46,47,70,71,72).

* *By die aanstelling van onderwysers moes skoolrade die aanbevelings van die betrokke plaaslike skoolkomitees aan die onderwysdepartement stuur. Die skoolrade het oor die bevoegdheid beskik om hulle eie opmerkings ten opsigte van die aanbevelings te maak (artikels 46-47).*
* *Indien enige onderwyser deur 'n plaaslike skoolkomitee van sekere onreëlmatighede beskuldig sou word, was dit die verantwoordelikheid van die betrokke skoolraad om die saak te ondersoek. By skuldigbevinding deur die skoolraad kon die onderwysdepartement die onderwyser ontslaan (artikels 46-47).*
* *Luidens artikel 39 moes skoolrade die algemene finansiële beheer oor alle skole binne hulle onderskeie gebiede uitoefen. Beheer moes onder andere uitgeoefen word oor die vasstelling van skoolgelde en, indien nodig, oor die huur van die nodige skoolgeboue. Die besluite van die skoolrade was egter onderworpe aan die goedkeuring van die onderwysdepartement.*
* *Skoolrade moes jaarliks 'n begroting van inkomste en uitgawes van die onderwys in hulle onderskeie skoolraadsdistrikte opstel. Indien die uitgawes die inkomste oorskry, sou die regering die helfte van die tekort voorsien en die plaaslike munisipaliteit of afdelingsraad die ander helfte. Die aanvullende fondse sou slegs van owerheidsweë voorsien word nadat die inkomste en uitgawes van die betrokke skoolraad behoorlik geouditeer is (artikels 70-72).*

Die instelling van skoolrade was een van die belangrike mylpale in die ontwikkeling van onderwysbeheer in Kaapland (Laings, 1981 : 1; Visagie, 1966 : 422).

3.6.3.3 Die betekenis van die Skoolraadwet van 1905 met betrekking tot ouerseggenskap in onderwysbeheer

Volgens die Skoolraadwet van 1905 moes skoolrade sommige take van die plaaslike skoolkomitees, wat reeds in 1865 ingestel is, oorneem.

* *Die skoolrade moes optree as skakel tussen die onderwysdepartement en die plaaslike skoolkomitees van skole.*
* *Die belangrikste funksie van die skoolrade was die finansiering van Blanke-onderwys in Kaaplandse skole. Die finansiering van Blanke-onderwys aan skole was nie meer net die verantwoordlikheid van 'n paar persone wat as borge opgetree het nie (vgl. par. 3.5.4.4). Fondse vir onderwys is verkry uit skoolgelde wat die ouers betaal het, plaaslike belasting en fondse wat deur die onderwysdepartement voorsien is (Malherbe, 1925 : 130; Du Toit, 1952 : 88-89).*

Die Skoolraadwet van 1905 het die verkiesingsprosedures ten opsigte van die kies van 'n skoolraad op 'n vaste grondslag geplaas. Alle belastingbetalers, ook die ouers met leerlinge op skool, het die reg gehad om aan die skoolraadsverkiesing deel te neem. Sodoende is groter belangstelling van veral die ouer (wat in die meeste gevalle ook belastingbetalers was) in die onderwys aangewakker (Steyn, 1980 : 77).

Die Skoolraadwet van 1905 was in Kaapland die direkte gevolg wat uitgegaan het van die Afrikaanssprekende se Christelike lewensbeskouing. Hierdie invloed het gesorg dat die owerheid telkens vir 'n mate van plaaslike en ouerseggenskap in onderwysbeheer voorsiening gemaak het. Die owerheid het, soos deur die Kaapse bevolking versoek, in die Skoolraadwet van 1905 vir 'n mate van plaaslike onderwysbeheer en ouerseggenskap in onderwysbeheer voorsiening

gemaak (vgl. par. 3.6.3.1). Met die toekenning van plaaslike onderwysbeheer in die vorm van skoolrade en skoolkomitees, het die Regering gehoop om die welwillendheid van die Blankes in Kaapland te verkry (Steyn, 1980 : 80).

Die werklike beheer en seggenskap oor die onderwys deur die ouers en die gemeenskap was egter beperk. Alle besluite geneem deur plaaslike beheerliggame (die skoolrade en skoolkomitees) was onderworpe aan die goedkeuring van die sentrale onderwysbeheerinstansie, die Superintendent-generaal van Onderwys of sy verteenwoordiger. Die plaaslike beheerliggame, as die verteenwoordigers van die ouers, het in dié tyd 'n voorsienende en instandhoudende verantwoordelikheid ten opsigte van onderwysfasiliteite gehad (Steyn, 1980 : 81).

Skoolrade het oor die bevoegdheid beskik om onafhanklike aanbevelings te maak ten opsigte van aanbevelings vir die aanstelling van nuwe onderwysers deur die plaaslike skoolkomitees (sien par. 3.6.3.2). Sodoende kon ouers met hulle beperkte seggenskap in skoolrade voortdurend poog om onderwysers aan te stel wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as hulle huldig.

3.6.4 Die ontwikkeling van skoolrade as plaaslike beheerliggame in Kaapland: 1906 tot 1920

3.6.4.1 Algemene onderwysbeheer

Ten einde die ontwikkeling van 'n stelsel van skoolrade en skoolkomitees in perspektief te plaas en beter te verstaan, is dit nodig om ook die sentrale beheer in die onderwys kortliks te verduidelik.

Voor 1910 het elke kolonie en provinsie sy eie onderwysdepartement gehad wat beheer uitgeoefen het oor die onderwys

in sy gebied. Die unifikasie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910, toe Kaapland, Natal, Transvaal en die Vrystaat saamgevoeg is, het meegebring dat die Unie van Suid-Afrika deur die die Goewerneur-in-Rade namens die koning van die Britse ryk, geadministreer is. Die uitvoerende gesag - bestaande uit die goewerneur-generaal en die kabinet - was in hierdie raad gesetel. Die wetgewende mag was gesetel in die goewerneur-generaal, die volksraad en die senaat (Spies, 1975 : 381).

Die administrateur was die hoofuitvoerende beampte van die Provinsiale Raad in elke provinsie. Hy is bygestaan deur 'n gekose Provinsiale Raad en het beperkte wetgewende gesag binne die provinsie gekry. Die provinsies het toesig gehou oor die sake van provinsiale aard en het die mag gehad om ordonnansies uit te vaardig oor onder meer die onderwys, hoër onderwys uitgesluit (Spies, 1975 : 382; Barnard, 1979 : 130; Cilliers, 1960 : 7).

Die staatkundige veranderinge, wat as gevolg van die unifikasie van Suid-Afrika plaasgevind het, het nie die onderwysbeheerstruktuur in Kaapland beduidend beïnvloed nie. Die belangrikste wysiginge in onderwysbeheer in Kaapland was (De Zuid-Afrika-wet van 1909-1910 : artikels 68 (i) en 70 (i)):

* *Die goewerneur is as hoofuitvoerende amptenaar van die Kaapprovinsie deur die administrateur vervang (artikel 68 (i)); en*
* *Die voormalige Wetgewende Raad is deur 'n Provinsiale Raad vervang (artikel 70 (i)).*

Die Provinsiale Raad van Kaapland was (vgl. De Zuid-Afrika Wet, 1909-1910 : artikel 85 (iii)) verantwoordelik vir die:

* *formulering van onderwysbeleid in Kaapland;*
* *finansiering van provinsiale onderwys;*
* *voorsiening van onderwys tot aan die einde van st. 10 (artikel 85 (iii)); en*

* *beplanning en ontwikkeling van onderwysbeleid na goeddunke indien daar nie 'n nasionale onderwysbeleid neergelê is nie.*

Die Superintendent-generaal van Onderwys

* *is behou as permanente hoofuitvoerde beampte van Blanke-onderwys;*
* *was steeds verantwoordelik vir die voorsiening en instandhouding van alle onderwysfasiliteite in die Kaapprovinsie; en*
* *moes deur middel van die inspektoraat professioneel toesig hou oor die onderwys en sorg dra dat die onderwysbeleid in die skole nagekom word (Steyn, 1980 : 305).*

3.6.4.2 Onderwysbeheer deur skoolrade 1906 tot 1920

De Zuid-Afrika-wet van 1909 en die unifikasie van Suid-Afrika in 1910 het die funksies van die skoolrade nie verander nie. Onderwysbeheer op plaaslike vlak was steeds in die hande van die skoolrade en skoolkomitees. Skoolrade was steeds die skakeling tussen die onderwysdepartement en die plaaslike skoolkomitees, met die belangrike funksie om die onderwysfondse in die skoolraadsdistrik te administreer.

Teen 1918 was daar reeds soveel nuwe en gewysigde onderwysordonnansies dat dit dringend nodig geword het om dit te konsolideer. In 1921 het die Superintendent-generaal van Onderwys deur Ordonnansie 5 van die Kaap die Goeie Hoop (Provinsie) aanbeveel dat al die wette en ordonnansies, wat in die voorafgaande 56 jaar in Kaapland op onderwys betrekking gehad het en enigsins van toepassing was, gekonsolideer word. Sodoende is onderwysbeheer in Kaapland meer vaartbelyn gemaak en is onderwys bevorder (Van der Merwe, 1957 : 1).

3.6.5 *Onderwysbeheer deur skoolrade soos uiteengesit in Onderwysordonnansie 5 van 1921*

In Onderwysordonnansie 5 van 1921 van die provinsie van die Kaap die Goeie Hoop is die skoolrade as plaaslike onderwysbeheerliggame behou.

3.6.5.1 *Samestelling van skoolrade*

Elke skoolraadsdistrik sou onder die beheer van 'n skoolraad staan. Soos deur die administrasie by regulasie vasgestel moes die getal lede van elke skoolraad in veelvoude van drie aangewys word. Daar moes nie minder as ses en nie meer as agtien lede in 'n skoolraad gedien het nie (artikels 15-16).

Twee derdes van die lede van 'n skoolraad moes deur die kiesers vir die afdelingsraad of munisipaliteit gekies word na gelang van die ligging van die skoolraadsdistrik. Die ander derde van die lede van die skoolraad moes benoem word, en wel een deur die munisipaliteit of afdelingsraad en die res deur die administrateur (artikel 18). Volgens artikel 20 moes die skoolraad vir 'n tydperk van drie jaar saamgestel word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1935 : artikels 18 en 29).

3.6.5.2 *Die pligte van skoolrade*

Die skoolraad se pligte wat verband hou met ouerseggenskap, soos vervat in Ordonnansie 5 van 1921, kan soos volg saamgevat word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1935 : artikels 55 en 178):

- *Die skoolraad het 'n aandeel gehad in die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers in vakante onderwysposte; en*
- *Skoolrade kon met die goedkeuring van die onderwysdepartement skole vir Blankes binne die skoolraadsdistrikte oprig (artikel 55).*

3.6.5.3 Die betekenis van Ordonnansie 5 van 1921 vir die onderwysbeheer op plaaslike vlak

Die skoolrade het nog steeds gedien as skakel tussen die skoolkomitee en die onderwysdepartement. Die plaaslike gemeenskap - waaronder die ouers - het deur middel van die skoolrade beperkte seggenskap in onderwysbeheer in Kaapland verkry. Die moontlikheid vir die ouer se betrokkenheid en deelname aan onderwysbeheer is deur die instelling van skoolrade verder verseker (Steyn, 1980 : 311). Sodoende kon ouers nog steeds toesig hou oor die gees en rigting van die skool deurdat hulle onderwysers, met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as hulle kon aanbeveel vir aanstelling in 'n vakante onderwyspos (vgl. par. 1.6.7).

3.6.6 Die ontwikkeling van onderwysbeheer deur skoolrade in die tydperk 1921 tot 1955

In die tydperk 1921 tot 1955 is daar geen radikale veranderinge in verband met die beheer oor onderwys op plaaslike vlak aangebring nie. Daar is voortgebou op die hegte fondamente wat reeds gelê was ten opsigte van onderwysbeheer.

Veranderinge wat wel aangebring is aan onderwysbeheer op plaaslike vlak was daarop ingestel om onduidelikhede en knelpunte in Ordonnansie 5 van 1921 uit te skakel. Die veranderinge het nie 'n verandering in die gees en rigting van onderwysbeheer op plaaslike vlak teweeggebring nie, maar was daarop gemik om die funksionering van die beheerstruktuur te verbeter (Steyn, 1980 : 312).

3.6.7 Ordonnansie 20 van 1956

Die veranderinge op onderwysgebied in die Kaapprovinsie is gekonsolideer deur Ordonnansie 20 van 1956. Die belangrikste veranderinge ten opsigte van skoolrade was:

* *Die skoolrade is na 1956 vyfjaarliks saamgestel;*
* *Waar die skoolraadsdistrik en 'n afdelingsraad se grense ooreenstem, moes een lid per wyk van die afdelingsraad verkies word. 'n Verdere lid moes deur die*

munisipale raad aangestel word. Voorts kon die administrateur soveel lede op 'n skoolraad aanstel as wat hy wou. Indien die skoolraaddistrik nie met die grense van die afdelingsraad ooreengestem het nie, sou twee derdes van die aantal lede deur die inwoners van die skoolraaddistrik verkies word en die res deur die administrateur aangestel word. In die betrokke afdelingsraad sou geregistreerde kiesers tydens skoolraadsverkiesings stemreg hê. In die ander gebiede sou alle kiesers op die parlementêre kieserslys tydens skoolraadsverkiesings ook stemgeregtig wees (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie) Ordonnansie 20 van 1956 : artikels 14, 18 en 25)

Ouers was dus nog betrek by die verkiesing van skoolrade. Sodoende het ouers die reg gehad om persone te kies wat inspraak kon hê op onderwyssake op plaaslike vlak.

3.6.8 Die ontwikkeling van onderwysbeheer deur skoolrade in Kaapland in die tydperk 1956 tot 1985

3.6.8.1 Inleiding

Met die aanvaarding van die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, (Wet 39 van 1967), het Ordonnansie 20 van 1956 nog gegeld. In Wet 39 van 1967 was daar vir die eerste keer in Suid-Afrika van owerheidsweë 'n breë onderwysbeleid neergelê wat in al vier provinsies geld. Volgens die Wet sou skoolrade en skoolkomitees met enkele wysigings behoue bly. Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid bepaal dat aan "die ouergemeenskap 'n plek in die onderwysstelsel toegeken moet word deur middel van ouer-onderwysersverenigings, skoolkomitees, beheerrade of skoolrade of op 'n ander wyse" (Suid-Afrika (Republiek), 1967 : artikel 2(h)).

Ordonnansie 20 van 1956, soos dit huidiglik van toepassing in Kaapland is, het in 1979 enkele belangrike veranderinge

ondergaan. Die veranderinge is aangebring deur middel van die Wysigingsordonnansie op Onderwys, Ordonnansie 15 van 1979. Met dié Wysigingsordonnansie is plaaslike onderwysbeheerliggame behou (Steyn, 1980 : 377). Die samestelling en pligte van skoolrade het egter belangrike veranderinge ondergaan.

*3.6.8.2 **Samestelling van skoolrade op grond van Ordonnansie 15 van 1979***

Die skoolraad van 'n gebied word saamgestel uit ses, nege of twaalf lede, na gelang van die administrateur se proklamasies van tyd tot tyd. Een derde van die lede word deur die administrateur benoem en twee derdes word deur die kieskollege van elke skoolwyk gekies (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 14).

'n Kieskollege van enige skoolwyk kies 'n persoon vir die skoolraad. So 'n kieskollege bestaan uit óf lede van die skoolkomitee óf skoolkomitees van die skool óf skole in sodanige skoolwyk. Ouers kon dus nie meer self lede van die skoolrade kies nie (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikels 14 en 16).

Die aantal lede van die skoolraad, soos bepaal deur die Administrateur by wyse van proklamasie kon ses, nege of twaalf wees, in plaas van die vorige agtien. Die administrateur bepaal die aantal skoolraadslede (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 14).

*3.6.8.3 **Bevoegdhede en pligte van skoolrade***

Volgens artikel 42 van Onderwysordonnansie 20 van 1956, soos gewysig deur Ordonnansie 15 van 1979 van die provinsie Kaap die Goeie Hoop, is die bevoegdhede en pligte van skoolrade onder meer die volgende:

* *Skoolrade is belas met die hou van toesig oor alle skoolgeboue en terreine binne hulle gebiede;*

* *Die direkteur is deur skoolrade geadviseer in verband met die aanskaffing van bouterreine en die oprigting van geboue vir onderwysdoeleindes;*
* *Skoolrade administreer geld wat uit die Provinsiale Inkomstefonds aan skoolrade toegeken word vir die uitoefening van hulle bevoegdhede en die vervulling van hulle pligte ingevolge hierdie ordonnansie; en*
* *Die skoolrade adviseer die direkteur in verband met die stigting en sluiting van skole in hulle gebiede en die verskaffing van skoolakkommodasie in sodanige gebiede (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 42).*

3.6.8.4 ***Evaluering***

Skoolrade is die amptelike mondstuk van die ouers van leerlinge in 'n betrokke skoolraadsgebied (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 42). Skoolrade vorm nog steeds 'n belangrike skakel tussen die onderwysdepartement - met die Direkteur van Onderwys as permanente hoofuitvoerende onderwysbeampte - en die skoolkomitees van die skole. Die klem val ook op skakeling met en advisering van die Kaapse Onderwysdepartement. In dié stelsel het ouers seggenskap in die opvoeding en onderwys van hulle kinders deurdat die skoolkomitees, gekies deur die ouers, verteenwoordig is in die skoolraad. Ouers maak in totaal ten minste twee derdes van die skoolraad uit (vgl. par. 3.6.8.2).

Die stelsel van onderwysbeheer op plaaslike vlak maak voorsiening vir 'n stelsel van skoolkomitees. Daar sal voorts gewys word in watter mate 'n stelsel van skoolkomitees gedurende die tydperk 1905 tot 1985 ontwikkel het en in hoe daar voorsiening gemaak is vir ouerseggenskap in onderwysbeheer.

3.7 DIE INSTELLING VAN SKOOLKOMITEES AS PLAASLIKE BEHEERLIGGAME: 1905 tot 1985

3.7.1 Inleiding

Om die ontwikkeling van skoolkomitees in die provinsie Kaap die Goeie Hoop onder die loep te neem word die instelling van skoolkomitees, soos bepaal deur Skoolraadwet 35 van 1905, eers bespreek. Daarna word die ontwikkeling van 'n stelsel van skoolkomitees in Kaapland gedurende die tydperk 1905 tot 1985 bespreek.

3.7.2 Die instelling van skoolkomitees na aanleiding van Skoolraadwet 35 van 1905

3.7.2.1 Oriëntering

Skoolraadwet 35 van 1905 het voorsiening gemaak vir skoolrade en skoolraadsdistrikte, asook vir die instelling van 'n skoolkomitee vir elke skool in die skoolraadsdistrik. Die skoolkomitee was verantwoordelik vir die bestuur van die skool aan hom toegewys, maar die skoolraad het steeds die onmiddellike beheer daaroor gehad (Russel, 1906 : 28-29).

3.7.2.2 Samestelling van die skoolkomitee

Volgens artikel 41 van die Skoolraadwet van 1905 moes elke skoolkomitee, ooreenkomstig die bepaling van die betrokke skoolraad, bestaan uit minstens drie en hoogstens sewe lede. 'n Skoolkomitee is vir 'n termyn van drie jaar gekies (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : artikel 41).

Al die lede van die skoolkomitee moes deur die ouers of voogde van skoolgaande kinders gekies word. Die ouers moes egter binne die skoolraadsdistrik woonagtig wees alvorens hulle kon stem vir die skoolkomitee van die skool waar hulle kinders skoolgaan.

Indien ouers sou versuim om 'n skoolkomitee te verkies, moes die skoolraad 'n skoolkomitee aanstel. Hulle sou dan vir drie jaar lank die bestuur van die skool waarneem (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : artikel 43).

3.7.2.3 Pligte van die skoolkomitee

Die pligte van die skoolkomitee, soos vervat in Skoolraad-wet 35 van 1905, kan kortliks soos volg saamgevat word (Cape of Good Hope (Colony), 1905 : artikels 45 en 46).

* *Die aanstelling en ontslag van onderwysers was die verantwoordelikheid van die skoolkomitee. Die skool-komitee het egter met die skoolraad saamgewerk en opgetree na oorleg met die onderwysdepartement. Die skoolkomitee het nominasies en aanbevelings van moont-like onderwysersaanstellings aan die skoolraad voorge-lê. Hierdie aanbevelings is deur die skoolraad na die onderwysdepartement gekanaliseer vir goedkeuring (artikel 46).*
* *Alle klagtes en probleme van die ouers moes deur die skoolkomitee hanteer word. Sodoende het ouers seggen-skap verkry in die opvoeding en onderwys van hulle kinders.*
* *Die skoolkomitee moes die skoolrade adviseer oor enige aangeleentheid wat tot voordeel van sy betrokke skool kon strek.*
* *Die skoolkomitee moes ook sorg dat die wetsbepalings rakende Godsdiensonderrig streng in die skool nagekom word.*
* *Die algemene toesig oor en die instandhouding van die skoolgeboue en -terreine is aan die skoolkomitee opge-dra. Alle besluite van die skoolkomitee wat te doen gehad het met die instandhouding van die skole was egter onderworpe aan die goedkeuring van die onderwys-departement.*

3.7.2.4 *Die praktiese betekenis van 'n skoolkomitee vir ouerseggenskap in 'n stelsel van onderwysbeheer op plaaslike vlak na aanleiding van Skoolraadwet 35 van 1905*

Die skoolkomiteestelsel vir elke skool het die direkte belangstelling en deelname van die ouers in die onderwys van hulle kinders aangemoedig. Die skoolkomitee was verteenwoordigend van die ouers, en het ook seggenskap gehad oor die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers in die skool. Sodoende kon die ouers die gees en rigting van 'n skool bepaal deurdat onderwysers met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, wat in ooreenstemming was met dié van die ouers, aanbeveel kon word vir aanstelling by die skole (Steyn, 1980 : 77).

3.7.2.5 *Opsomming*

Die plaaslike beheerstruktuur, soos vasgelê deur Skoolraadwet 35 van 1905, kan soos in organigram 3.2 voorgestel word.

Organigram 3.2 ***Beheerstruktuur oor die onderwys in ooreenstemming met die Skoolraadwet van 1905*** *(Steyn, 1980 : 78)*



3.7.3 Die ontwikkeling van plaaslike onderwysbeheer deur skoolkomitees: 1905 tot 1920

Soos in paragraaf 3.6.4.1 aangedui, het Suid-Afrika gedurende 1910 ingrypende staatkundige veranderinge ondergaan. Die plaaslike onderwysbeheerstruktuur is egter nie noemenswaardig deur die unifikasie van Suid-Afrika beïnvloed nie.

Skoolkomitees het steeds medeseggenskap gehad deurdat hulle die applikante vir vakante onderwysersposte finaal kon keur en vir aanstelling by die onderwysdepartement kon aanbeveel. Die wyse waarop die skoolkomitees kragtens die Skoolraadwet van 1905 gefunksioneer het, het die geleentheid gebied dat ouers direk betrokke kon raak by die opvoedende onderwys van hulle kinders (Steyn, 1980 : 305; Malherbe, 1925 : 129).

Kragtens Ordonnansie 5 van 1921 is vorige ordonnansies en wette - ook ten opsigte van skoolkomitees - gekonsolideer (vgl. par. 3.6.4.2).

3.7.4 Die samestelling en pligte van plaaslike skoolkomitees volgens Ordonnansie 5 van 1921

3.7.4.1 Samestelling van skoolkomitees

Die samestelling van skoolkomitees kan kortliks soos volg saamgevat word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1935 : artikel 75):

* *Vir elke skool het die ouers of voogde van leerlinge van die betrokke skool 'n skoolkomitee gekies; en*
* *Die aantal lede van die skoolkomitee is deur die skoolraad bepaal en het bestaan uit drie, vyf of sewe lede.*

3.7.4.2 Pligte van die skoolkomitees

Die pligte van skoolkomitees kan soos volg saamgevat word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1935 : 23-24):

* *Skoolkomitees het onderwysers vir vakante onderwysposte aanbeveel. Die aanstelling was onderworpe aan die goedkeuring van die Superintendent-generaal van Onderwys;*
* *Versoeke en klagtes van die ouers is deur skoolkomitees ondersoek en opgelos. Indien nodig, is die hulp van die skoolraad ingeroep; en*

* *Die skoolkomitees het die skoolrade van advies bedien in alle sake wat die algemene welsyn van die skool raak.*

3.7.4.3 *Die betekenis van Ordonnansie 5 van 1921*

Alhoewel Ordonnansie 5 van 1921 in 'n groot mate voorsiening gemaak het vir gesentraliseerde beheer oor die onderwys in die Kaapprovinsie, is daar ook voorsiening gemaak vir 'n mate van plaaslike onderwysbeheer. Ouers se deelname in onderwysbeheer is steeds verseker deur die stelsel van skoolkomitees.

Die skoolrade het gedien as skakel tussen die onderwysdepartement en die plaaslike skoolkomitees, terwyl die skoolkomitees verantwoordelik was vir die funksionering van die skole onder hulle beheer.

Die belangrikste betekenis van die Ordonnansie was dat daar voortgegaan is met die stelsel van skoolkomitees. Daardeur het die ouers medeseggenskap behou in die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers (Steyn, 1980 : 311). Sodoende kon die ouers nog steeds die gees en rigting van die skool bepaal deurdat ouers onderwysers aanbeveel het wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as hulle gehuldig het (sien par. 1.6.7).

3.7.5 *Die samestelling en pligte van skoolkomitees volgens Ordonnansie 20 van 1956*

3.7.5.1 *Inleiding*

Die samestelling en pligte van skoolkomitees soos uiteengesit deur Ordonnansie 5 van 1921 is nie wesenlik deur Ordonnansie 20 van 1956 verander nie. Die ouers of voogde van leerlinge van 'n betrokke skool het nog steeds die skoolkomitees vir 'n tydperk van drie jaar gekies.

*3.7.5.2 **Samestelling van skoolkomitees***

Skoolkomitees is soos volg saamgestel (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1956 : artikels 43 en 46):

* *Skoolkomitees is gekies deur ouers of voogde van kinders op die register van die skool (artikel 46 (1));*
* *Skoolkomitees, soos skoolrade, sou bestaan uit drie, vyf of sewe lede (artikel 46 (4)); en*
* *Indien ouers sou versuim om 'n skoolkomitee te kies, kon die betrokke skoolraad óf 'n komitee aanstel óf besluit dat die skool geen komitee sou hê nie (artikel 46 (3)). Wanneer 'n skool geen komitee gehad het nie, moes die skoolraad self die funksie van 'n komitee vervul (artikels 46 (8) en 43).*

Die Ordonnansie gee 'n aanduiding wie onbevoeg is om in die skoolkomitee te dien, maar bepaal nêrens of 'n lid van die skoolkomitee 'n ouer moes wees of nie. Dit blyk dus dat persone wat nie kinders aan die betrokke skool gehad het nie, ook gekies kon word om in die skoolkomitee te dien.

*3.7.5.3 **Pligte en bevoegdhede van skoolkomitees***

Die pligte en bevoegdhede van skoolkomitees, soos uiteengesit in Ordonnansie 20 van 1956, kan soos volg saamgevat word (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1956 : artikel 54):

* *Skoolkomitees moes onderwysers vir vakante onderwysposte aanbeveel, en die aanbevelings deur middel van die betrokke skoolraad aan die onderwysdepartement voorlê. Die aanstelling van die aanbevole onderwysers was onderhewig aan die goedkeuring van die Direkteur van Onderwys.*
* *Vertoë van ouers moes deur skoolkomitees aangehoor word. Skoolkomitees moes probleme op 'n bevredigende wyse binne die raamwerk van die bestaande wetgewing oplos (artikels 54 (c)).*
* *Skoolkomitees het beheer oor hulle afsonderlike skole uitgeoefen. Die skoolkomitees se optrede moes egter binne bepaalde regulasies van die onderwysdepartement geskied (artikels 54 (a)).*

* *Skoolrade is deur die skoolkomitees geadviseer oor enige saak rakende die doeltreffende ontwikkeling van die skole onder hulle beheer (artikels 54 (b)).*

3.7.5.4 *Die betekenis van Ordonnansie 20 van 1956*

Alhoewel die besluite van skoolkomitees volgens Ordonnansie 20 van 1956 onderworpe was aan die goedkeuring van die onderwysdepartement voordat dit bekragtig is, het die skoolkomiteestelsel die geleentheid gebied vir ouers om seggenskap in die opvoeding en onderwys van hulle kinders te kry. Die ouers het 'n kanaal gehad waarlangs hulle hul vertoë ten opsigte van die opvoeding en onderwys van hulle kinders kon rig.

Ouers kon as lede van skoolkomitees gekies word, en ook verantwoordelik wees vir die kies van die lede van die skoolkomitees. Sodoende kon sommige ouers as gekose lede van die skoolkomitees omsien na die belange van hulle kinders ten opsigte van opvoedende onderwys. Verder het ouers seggenskap gehad in die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers. Ouers kon sodoende steeds die gees en rigting van die skool bepaal (vgl. par. 3.7.5.3)

Ordonnansie 20 van 1956 het dus maar net weer die onderwysbeheerstruktuur bevestig dat ouers deur die werking van die skoolkomitees 'n aandeel kon kry in opvoedende onderwys soos dit reeds sedert 1905 in Kaapland geïmplementeer is (Steyn, 1980 : 315).

3.7.6 ***Die samestelling en pligte van skoolkomitees in Kaapland volgens Wysigingsordonnansie 15 van 1979***

3.7.6.1 *Inleiding*

Dit was nodig om die stelsel van skoolkomitees in Kaapland in ooreenstemming te bring met die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid van 1967. Ordonnansie 20 van 1956 is

gewysig deur Wysigingsordonnansie 15 van 1979. Die samestelling en pligte van skoolkomitees is duidelik in Ordonnansie 15 van 1979 uiteengesit.

3.7.6.2 Samestelling van skoolkomitees

Die belangrikste wysiging ten opsigte van die samestelling van 'n skoolkomitee is dat minstens die helfte van die lede van die skoolkomitee op die datum van verkiesing ouers van leerlinge van sodanige skool moes wees. In Ordonnansie 20 van 1956 was dit nie sodanig gespesifiseer nie en kon dit gebeur dat ouers glad nie vir die komitee gekies kon word nie. Lede van 'n skoolkomitee word gekies deur die ouers van leerlinge van die betrokke skool (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 46).

3.7.6.3 Pligte van skoolkomitees

Die pligte van die skoolkomitees word in Ordonnansie 15 van 1979 volledliger uiteengesit as in Ordonnansie 20 van 1956.

Volgens artikel 54 van Onderwysordonnansie 20 van 1956, soos gewysig deur Ordonnansie 15 van 1979 van die Kaapprovinsie, behels die bevoegdhede en pligte van die skoolkomitees onder meer die volgende (Kaap die Goeie Hoop (Provinsie), 1971 : artikel 54):

* *Aanbevelings in verband met die aanstelling van onderwysers word deur skoolkomitees gemaak;*
* *Die skoolkomitees is die amptelike mondstuk van die ouers van leerlinge van die skool waarvoor hulle saamgestel is;*
* *Sake wat na hulle mening betrekking het op die welsyn of doeltreffendheid van sodanige skool word deur skoolkomitees onder die aandag van die departement gebring met dien verstande dat 'n komitee hom nie bemoei met die werk wat in die betrokke skool verrig word of met 'n onderwyser in die vervulling van sy ampspligte nie; en*
* *Die skoolkomitees moet vertoë van ouers behandel.*

3.7.6.4 ***Evaluering***

Die verhouding tussen die ouers van 'n skool en die provinsiale onderwysowerheid ten opsigte van onderwysbeheer deur skoolkomitees het nie sedert 1979 verander nie. Die huidige skoolkomiteestelsel bied vir die ouer 'n geleentheid om betrokke te raak by onderwysbeheer op plaaslike vlak.

Die betrokkenheid van die ouer is egter beperk tot raadgewende hoedanigheid en die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers. Ouers kan steeds die gees en rigting van die skool bepaal deurdat onderwysers met dieselfde lewensopvatting as die ouerhuis aanbeveel kan word vir aanstelling (sien par. 3.7.6.3).

3.8 *SLOTOORSIG*

Daar is in hierdie hoofstuk aangedui hoedat plaaslike onderwysbeheer in Kaapland sedert 1652 ontwikkel het van 'n kerkgeïnisieerde stelsel tot 'n latere stelsel waar staat, ouer en kerk nou saamgewerk het, tot en met 1905 toe onderwys die primêre verantwoordelikheid van die sentrale regering was. Die kerk het in die beginjare die gees en rigting van die opvoeding en onderwys aan skole volgens die Woord van God bepaal. Die onderwysbeheer in Kaapland het egter in die tydperk 1806 tot 1836 verander sodat die onderwys voorsiening kon maak vir die regering se denasionaliserings- en verengelsingsbeleid (vgl. par. 3.5.2.1).

In die tydperk 1652 tot 1795 was die ouer indirek betrokke by onderwysbeheer deurdat die vader, as lid van die kerkraad, seggenskap gehad het in die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers. Onderwysers met dieselfde lewensbeskouing as dié van die ouerhuis is gevolglik aangestel (sien par. 3.3.4.3). Die tydperk 1795 tot 1806 is gekenmerk deur die feit dat kerklike beheer in die onderwys

vervang is met staatsbeheer (vgl. par. 3.4.3). Staatsbeheer in die onderwys het meegebring dat ouerseggenskap in die onderwys grotendeels uitgeskakel is. Dit het dan ook gebeur dat ouers slegs by die indiensneming van privaatonderwysers of by die aanstelling van onderwysers by privaatskole, onderwysers met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as dié in die ouerhuise kon aanstel (sien par. 3.4.4).

Opvallend is die feit dat die Engelse regering aan die Kaap vanaf 1806 plaaslike deelname en beheer in die onderwys wou beperk (sien par. 3.4.3). Lede vir distrikskoolkomitees is deur die regering benoem. Die lede, nie noodwendig ouers nie, was gewoonlik die Engelse regering goedgesind (sien par. 3.5.2.2). Dit het meegebring dat die ouers nie die geleentheid gekry het om die gees en rigting in die skool te bepaal nie. Selfs met die instelling van die rade vir onderwys in 1858 toe ouers meer seggenskap deur plaaslike beheerliggame gekry het, was ouerseggenskap in die praktyk beperk tot die voorsiening en instandhouding van onderwysfasiliteite (vgl. par. 3.5.3.4). Ouers was wel opgeneem in die skoolkomitees wat in 1865 ingestel is, maar die skoolkomitees het beperkte magte gehad (sien par. 3.5.4.4). Ouers kon dus in die tydperk 1806 tot 1905 nie die gees en rigting van die skool bepaal nie.

Skoolraadwet 5 van 1905 vorm die basis vir onderwysbeheer op plaaslike vlak in Kaapland. Ordonnansies wat daarop gevolg het, het die Skoolraadwet van 1905 net meer vaartbelyn gemaak.

Muir, Superintendent-generaal van Onderwys, wou met die Skoolraadwet van 1905 die beheer oor skole op plaaslike vlak herorganiseer. Die instelling van die skoolrade het volgens die Wet op twee hoofbeginsels berus naamlik:

* *Ten eerste was dit om plaaslike finansies deur middel van belastings op 'n regverdige en doeltreffende manier te beheer en aan te wend; en*

* *Ten tweede was die wet gemik op die instelling van verpligte onderwys sodat die groot aantal Blanke kinders wat nog nie onderrig ontvang het nie, na skole gebring kon word (Van der Merwe, 1952 : 132).*

Die Skoolraadwet van 1905 het voorsiening gemaak vir beheerstrukture op plaaslike vlak, naamlik skoolrade en skoolkomitees. Die wet het deur die instelling van die skoolrade en skoolkomitees 'n bepaalde verhouding tussen die onderwysowerhede van Kaapland en die ouers daargestel. Volgens Ordonnansie 20 van 1956, soos gewysig deur Ordonnansie 15 van 1979 (wat tans nog geld) het die onderwysdepartement steeds die finale seggenskap oor alle onderwysgebeure. Ouers in plaaslike beheerliggame tree hoofsaaklik in 'n raadgewende hoedanigheid op. In teorie het die ouergemeenskap dus wel seggenskap in plaaslike onderwysaangeleenthede, maar in die praktyk is ouerseggenskap beperk. Die onderwysdepartement van Kaapland het finale gesag gehad (Haasbroek en Crowther, 1966 : 91).

'n Belangrike maatreël wat die ouerseggenskap in onderwysbeheer bevestig is die feit dat die skoolkomitee, namens die ouers, die reg het om onderwysers vir vakante onderwysposte aan te beveel. Deur die aanbeveling vir die aanstelling van onderwysers deur die skoolkomitee, kan die ouerreg, volgens die Christelik-nasionale uitgangspunte, in die onderwysbeheer realiseer. Deur onderwysers met dieselfde lewens- en wêreldbeskouing as die ouers aan te beveel vir aanstelling, het die ouer die geleentheid geskep dat die kind in dieselfde gees en rigting as in die ouerhuis onderrig word (sien par. 1.6.7). Sodoende kom die ouer sy primêre verantwoordelikheid ten opsigte van sy kind se opvoeding en onderwys na (sien par. 2.2.3). Die finale goedkeuring en aanstelling van onderwysers berus by die sentrale onderwysowerhede. Nieteenstaande egter het die beginsel

van beperkte ouerseggenskap in onderwysbeheer in Kaapland besondere historiese gronde, soos dit ook uit hierdie hoofstuk geblyk het.

Die skoolkomitee is 'n statutêre liggaam en gebonde aan 'n provinsiale ordonnansie wat hulle pligte uitspel. Binne die raamwerk van sy pligte voer die skoolkomitee sy taak uit en is die optrede en seggenskap van die skoolkomitee, wat die verteenwoordigers is van ouergemeenskap, beperk.

Die skoolrade in Kaapland daarenteen bestaan uit ses, nege of twaalf lede, waarvan twee derdes deur skoolkomitees benoem word. Deur middel van skoolrade is die plaaslike gemeenskap, ook die ouers, aktief by die opvoedende onderwys betrek. Ouers kan hulle seggenskap deur middel van die plaaslike skoolkomitees uitoefen. Die vraag ontstaan nou onwillekeurig: Het ouers in die verlede die voorreg om medeseggenskap in die onderwys te hê ten volle gebruik?

Die gebrek aan inisiatief, onverskilligheid teenoor onderwyssake, onkunde en selfs vyandigheid teenoor opvoedende onderwys wat te bespeur was, het gelei tot swak verteenwoordiging van en insgelyks ook beperkte magte vir die ouers. Dit strek die opvoeding en onderwys van die kind nie ten goede nie. Daar bestaan 'n behoefte aan 'n landswye statutêre gesagsliggaam wat die ouer se belange landswyd kan koördineer en uitbou (Eloff, 1982 : 19-24; De Villiers, 1941 : 3). Hieroor meer in die vierde hoofstuk, waar die Afrikaanse Oudervereniging bespreek sal word.